
The background of the cover is black, featuring several thin, curved red lines that sweep across the page, creating a dynamic, abstract design. The main title is centered and rendered in a bold, white, sans-serif font.

# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

## IN HIERDIE AFLEWERING O.A.:

- Toekomsplanne.
- Die toekoms van Nederlands.
- Die Keret-epos van die ou Kanaäniete.
- Op reis na Pa(rad)ys.
- Jongeres.





Digitized by the Internet Archive  
in 2017 with funding from  
University of Pretoria, Library Services



# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad vir die Afrikaanse Skrywerskring

*Redakteur:* ABEL COETZEE

*Letterkundige Adviseurs:*

D. F. Malherbe,

M. S. B. Kritzinger,

B. Kok,

André Demedts,

W. A. de Klerk,

J. J. Brits,

J. Kromhout,

C. Fensham,

F. A. Venter,

Abr. J. de Vries,

A. J. J. Visser,

André Brink.

## Desember 1962

Jaargang 12

Nommer 4

Intekengeld: R2.00 per jaargang, posvry.

*Let wel:* a. **Alle kopie** vir die Tydskrif word gerig aan die Redakteur, Hoëwinde, Escombelaan 51, Parktown, Johannesburg.

b. **Alle korrespondensie rakende administrasie, sirkulasie, intekening, advertensies**, word gerig aan mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

Hayne & Gibson - Johannesburg

## I N H O U D

	Bladsy
LIG EN LUG — Redaksioneel . . . . .	1
NOKTURNE — Vincent van der Westhuizen . . . . .	3
PLAASSONDAG — Dawid MacDonald . . . . .	4
VORENTOE — Abel Coetzee . . . . .	6
BEDE VAN DIE KLUISENAAR — Anoniem . . . . .	16
DIE KERET-EPOS — F. C. Fensham . . . . .	17
DIE VREES — Gedigte — J. James . . . . .	25
KLIMTOL — W. F. Meyer . . . . .	26
OP REIS NA PA(RA)DYS — Johan Lohmann . . . . .	27
GEDICHTEN — J. Vanhaelewyn . . . . .	33
DE TOEKOMS VAN HET NEDERLANDS — André Demedtz . . . . .	35
SIGARET EN SIEL — Marietta van Zyl . . . . .	43
FRANCOISE SAGAN — Fred. Walewyn . . . . .	45
DIE STILLE LUISTERAAR — Jac. J. Erits . . . . .	48
ADAMASTOR EN ATLANTIS — Andries Alberts . . . . .	58
DIE INTOG: Gedigte — A. J. J. Visser . . . . .	63
BESETENHEID: Gedigte — Edwin de Kock . . . . .	65
'N OOG VIR 'N OOG — B. le Roux . . . . .	67
TROMPETTE — Abraham Fouché . . . . .	71
OU MAN MET DIE BAARD — C. J. H. van der Merwe . . . . .	72
„UIT DIE SANSKRIT" — P. J. Engelbrecht . . . . .	75
BY DIE JONGERES: Freda Plekker . . . . .	78
Elmarie v. d. Merwe	
H. A. Prins	
L. Kruger	
N. Sauer	
Ella Claassen	
J. J. Potgieter	
Roy Niemann	
NUWE BOEKE ONTVANG . . . . .	95





## LIG EN LUG

Almal het dit seker ook gelees: dit het in al die dagblaaië gestaan, die geval van die wynboer wat vol vertrouë op 'n dag saam met sy bediende in die leë wynvat geklim het om dit te skraap. Toe die huismense later na hom kom soek, lê albei dood — oorval deur die wyngasse wat by gebrek aan vars lug onder in die vat dodelik giftig geword het.

So gaan dit ook met die hele geestelike lewe van 'n volk, 'n Geslag bring die hele volk in beroering. Nuwe gedagtes staan oornag tussen ons op soos jakkalsnuif, duiwelskos en bossampioene op ons grasperke — soggens word ons bekoor deur die skone groeisels wat skelm, skynbaar uit niks, te voorskyn getree het. Hierdie nuwe deursypel die hele volkslewe en op die gebied van die letterkunde woel en werskaf dit. Dit is so of sommer elkeen „die gees kry”. Soos duitse masels wat in die lug hang: dit slaan ongevraag by almal uit, ook by diegene wat nêrens kon aansteek nie. So by die letterkunde: dis soos 'n dampkring wat almal daarin aantast en orals kom kunswerke te voorskyn vol van dié nuwe gees. Dit tintel eintlik in jou van verwagting, van nuwe jong lewe.

Maar net so geheimsinnig val die boom van die hele skepping skielik een nag uit. Net gister nog het al die buurtjeug vuur en vlam gebok-bok. Maar vanoggend wil niemand aan die ou speletjie deelneem nie. Oornag het kennetjie ontpop as seisoenspel en almal sny net yterstokke uit die buurtheinings. Net gister nog was my rak vol sulke prikkelende gunsteling-boeke. Maar, ai, van vanmore vroeg af al staan hulle nurks met hulle rugge op my gekeer. Ons het nie meer vir mekaar belangstelling nie. Hulle is nie meer lekker om te lees nie. Ek probeer moedig, slaan die boek oop; dit gaan voor die wind vir so 'n anderhalf bladsy, maar dan vererg ek my aan die slap styl, die oorbekende manier van dinge sê, dieselfde ou gesanik oor dood en liefde en werklikheid. Die spel is uit; my boeke spreek my nie meer aan nie; ons kan mekaar nie aankyk nie. Ek het nie meer vir hulle lus nie.

Wanneer hierdie gees by jou uitslaan, moet jy weet die muf het jou oorval. Net soos daar in die wynvat, moet jy nou baie gou varslug kry, of jy's dood.

Inderdaad is dit so dat die ouer geslag woordkunstenaars by ons oorbekend geword het. Dit skeel nie aan die gehalte van hulle werk nie, maar daaraan dat alles oorbekend, slap is. Dis tyd vir 'n jonger geslag om na vore te tree en nuwe lig en lug

te bring. Lewe is nooit stilstand nie. Daar moet altyd roering, verwisseling wees. Naas verval moet daar groei wees. Haas ongemerk moet die verjonging steeds aan die gis bly sodat die geesteslewe van 'n volk nooit tot stilstand kan stol nie, want dit sou beteken geestelike dood.

Van verskeie kante af het jonger kragte by die redaksie kom aandring op groter geleentheid vir jongeres, woordkunstenaars wat nog aan die begin van die skeppingsloopbaan staan, vol belofte maar nog sonder gevestigde naam, en wat wil wys dat daar 'n nuwe houding teenoor die lewe gekom het en aanvaar moet word: ons menslike verhoudings het in die afgelope twee dekades ingrypend verander, geestelike en kulturele waardes is aansienlik gewysig, staatkundig word daar gans nuwe eise aan ons gestel, natuurwetenskaplik en tegnologies het ons oornag voor skokkende onthullings en werklikhede te staan gekom sodat haas alle ou waardes en waarhede aan die wankel geraak het. In ons wankelende wêreld wil hierdie jongeres die lewe aandurf, konfronteer soos hy is, hom verower as dit kan, hom aanvaar as dit moontlik is, en in die stryd om te verstaan en te aanvaar te oorwin as dit kan of ondergaan as dit moet. Nostalgie sal hulle seker ook by wyle ken oor wat verby is, agter lê: wie kan hom volledig los maak van die verlede? Maar as jong mense kap hulle ongeduldig die grond: vorentoe lê die nuwe wêreld met nuwe waardes. Met ongeduld wil hulle hierdie wêreld bereis, ontdek, begryp en daarvan vertel in hulle skeppings. Ons het daarin geslaag om 'n hele aantal van dié jonger kragte om die Tydskrif vir Letterkunde saam te trek, met uitbreiding van redaksie, adviseurs en redaksionele medewerkers. Dit sal meebring 'n nuwe oriëntering van ons blad sodat daar op die voorpunt plek kom vir die jongeres. Daarby wil ons meer vensters oopmaak op die wêreldtoneel buite om ons heen en kennis neem van belangrike dinge wat gebeur in ons stamlande, ook in Frankryk, Duitsland, Amerika — orals waar die nuwe aan die bot is. Dit sal ook meebring dat ons rubriek, BY DIE JONGERES, waar beginnelinge „tande gekry het”, van gedaante sal verwissel om meer te beantwoord aan sy opvoedende vormende doel. Dit het geblyk dat die „jongstes” nie soseer publikasiemoontlikhede soek nie, as voorligting deur 'n kundige medewerker.

Die wisseling van gedaante begin dan met die jaargang wat voorlê, 1963, en die eerste aflewering sal geskied aan die begin van Februarie en dan driemaandeliks daarna.

Dit beteken nie dat die „oue” in die ban gedoen word nie, of selfs afbrekend veroordeel gaan word nie. Dit beteken veral dat naas die goeie ouer bekende, sterker op die voorgrond sal tree die jonger lewensdriftige wat daaruit gegroei het.

Dis 'n nuwe geslag wat aan die woord wil kom.

Net soos daar, na 'n jaar of tien, weer 'n gans ander geslag sal wees wat hulle sal aanmeld as jonk en nuut.

Maar dis lewe!

VINCENT VAN DER WESTHUIZEN:

## NOKTURNE

*Ons het saam uit die Heilige Boek ge lees  
toe die skemer kom vir die liefdesfees.  
Ons het saam sy blaai e oopgeslaan  
en ge lees van 'n tyd van kom en gaan.  
Toe het jou stem 'n kraak gekry  
en die boek het stil uit jou hand gegly.  
En die lig wat oor reg en onreg waak  
het sag uit die kamer weggeraak.  
Uit jou bang verweer het ek klein verstaan  
dat al hierdie dinge verby moet gaan.  
Maar uit elke nokturne is daar vir my  
'n enkel noot wat behoue bly;  
dis 'n soet verdriet soos 'n naberou  
wat sy weerklank blink deur die tyd behou,  
en vir elke uur van kom en gaan  
word 'n boom geplant langs die lewenslaan.  
En toe ek buig om jou voet te kus  
het ons saam in die nag se besluit berus.  
Maar ek het die kruis oor jou bors gemaak  
dat die Donker nooit aan jou hart sou raak.  
Daarna was jy niks as 'n honger vrou  
wat 'n honger kind teen haar borste hou  
en sy angste paai met 'n duiwestem.  
En jou mond het die angs uit my gees gerem.  
Ons woorde het dom in die nag verdwaal  
soos 'n blinde gebed in 'n blinde taal.  
Toe het jou lyf 'n altaar geword  
en ek het die salf daaroor gestort.  
Ek het die kruik by die bron gebreek  
en die vreugdevure aangesteek.*

*Toe die donker uur uit die kerkklok slaan  
het jy stil uit my arms opgestaan  
en ons klein verhaal was nog onverklaar,  
maar ons groter geheim het die nag bewaar.*

DAWID MACDONALD:

## PLAASSONDAG

*Na droë wolklose winterdae  
is dit vanmôre renerige bewolktheid van horison tot horison,  
het die dou die nog kaal vrugtetakke benat  
asof dit voorspel is van lang siftende lentereëns.*

*Vroeg, dou-voor-dag vanoggend,  
met die week se arbeid nog stram in my spiere,  
het ek uit my bed geleun, na buite gestaar,  
die voëltjies se vrolikheid beluister,  
die dagbreek-geluide van daaglikse arbeid stil,  
behaaglik gesug,  
in vreugde besluit om die stilte buite te geniet,  
en sonder arbeidsplig se roep traag my geklee.*

*Terwyl ek oor die nog lumierende plaasstiltes kyk,  
die vars helende geur van wintergras om my,  
met welgevalle dink aan gedane arbeidsbestek,  
weet dat dit vandag Sondag is, rus,  
oase waarby die siel en die liggaam kan vertoef,  
groei daar 'n heimweevolle vreugde in my  
wat ek skielik in dankbare oorfloedigheid in my,  
uitstort tot 'n eenvoudige gebed:*

*O, God het ons gebied om die Sabbat te eer,  
maar ook dit geskenk as kuur teen die sleur,  
om 'n enkele dag die arbeids- en tydgebondenheid te ontkom,  
vry soos die natuur Sy Handewerk te geniet,  
die wasdom wat God aan kleinste sprietjie gee,  
te laat spoel oor moeë oog, gedagte of spier.*

*In die geurende nog lemoenvolle lemoenboord,  
die eerste strale van die dag skuins deur die rye,*

het my boerehart vir 'n oomblik van stiltes vergeet,  
het ek aan maande se arbeidsvervulling gedink,  
met nou die vervulling van die oes vol om my . . .  
doubenatte ryp lemoene glimlag uit groen blarcloof,  
die dou oor hul poreuse skil vars lewende skittering:  
O, die oes is meer as die loon daaruit.  
Die vroeë bewolktheid het langsaam gewyk,  
huis en werf in windlose sonskyn gedompel  
staan stoer soos 'n Psalm se dankbaarheid.

Sondagmiddag is kuiertyd en bietjie boer gesels,  
en sommer terloopse kommerende dink oor dit en dat,  
dink ek ook aan fragment uit Bybelwoord met Boekevat gelees,  
word die laatmiddag 'n triestige behaaglikheid  
dat ek so tussen wellewende gesprek oor ditjies en datjies  
stilweg my eie sinne smee  
wat ek later tot dié gediggie sal maak.

So skuins na aandete,  
'n brokkie radiomusiek om my klassieke aptyt te laaf,  
wag die stilte van my kamer en die nag se verkwikking,  
sien ek deur my venster die Suiderkruis skitter,  
dank ek God vir sterre, wolke, bome, veelvuldige plaasdinge,  
wel 'n blyheid in my op,  
dat môre vroeg voor dagbreek  
daaglikse arbeidsverwagting en vreug veelvuldig op my wag.

In vervullende vaak voor ek insluimer,  
dink ek aan Bybelwoord vanoggend gelees:  
„Die aarde het sy opbrengs gelewer,  
God, onse God, sal ons seën . . .”

## VORENTOE

Almal wat hulle besig gehou het met die beskrywing van die Afrikaanse volksaard het op die een of ander tydstip gewys op wat genoem word ons vreemde drang na die noorde. Vir die waarnemer uit Europa is hierdie drang vreemd, want in ons stamlande is die drang juis anders om — 'n drang na die suide. Ons stamvolke is grotendeels volke van die newels, d.w.s. mense wat lang, benewelde, son-arm winters ken waardeur die mens ingehok word in sy huis as gevolg van weersomstandighede. Hoe verder jy in Europa noordwaarts gaan, hoe erger word hierdie toestande totdat jy naderhand die gebied van die middernagson en die ewigduurende yslaag bereik, die gebied waar die noordewind gebore word wat gierend oor die vlaktes van Europa raas en die inwoners vul met 'n kille ang wat op allerlei wyses tot uiting kom in volksgeloof en volkskuns.

In die gees van die Europese mens is daar dan 'n dubbele polariteit: noord-suid. In die noorde lê al wat verbind word met donker, koue, ysigheid, ongerief, 'n barre lewensbestaan. Ver in die suide lê die teenoorgestelde: songedrenkte strande, 'n stralende ontwolke blou lug, 'n sagte klimaat wat soms skroeiend kan word, vryheid van beweging feitlik dwarsdeur die jaar, 'n klimaat wat minder gekonsentreerde inspanning van die mens vereis om te kan bestaan, vlaktes wat nie sneeu-bedek is nie maar waar wuiwende grasvelde en graan groen die oog verlok, maar bowe al die gebied waar dit in die winter warm is, met voldoende sonskyn.

Die mense rig hulle dan ook na die suide: as daar ernstig vakansie gehou word, gaan dit suidwaarts. Huise wat suidelik front is gesog. En die sappige vrugte van die Middellandse seegebied: druiwe, pruime, perskes en appelkose, staan in die noorde spesiaal bekend as suidvrugte en hulle het 'n eie aparte bekoring.

Die antipatie teen die noorde bemerk jy onder die volksmense. Die noordeliker koue bring mee dat elke man, vrou en kind die reinste blank gelaatskleur het, met twee vuurrooi deuraderde wange. Voeg daar by die helder blou oë van die noorderling met ooglede wat geneig is om effens te hang van die koue, en die vlasblond hare van die Germaan, dan het jy nie net maar 'n veralgemeende beeld van die noordelike tipe nie, maar met eens ook 'n beeld van dié dinge wat hulle nie

waardeer nie en waarna hulle nie verlang nie. Van die suiderling word die soelblas gelaatskleur beny, die bruin oë en donker hare, en as daar 'n bruinmens met kroeshare onder hulle verskyn is dit heeltemal iets besonders, iets so uit die warmplek waarna almal verlang.

Net voor die noordelike winter opdaag, vlieg selfs sowat alle gevogelte in groot trekswerms na die suide, die begeerlike suide.

Die noordelike mens van Europa is 'n aanbieder van die son met 'n intensheid wat ons nie maklik kan begryp nie. Sy hele wese is gerig op die son en op die suide.

Die omkeer in die jaargetye met die vertrek na die suidelike halfgrond is nie verantwoordelik vir die Afrikaanse mens se drang na die noorde nie. Wat eerder verantwoordelik is, is die feit dat die volksplanting aan die suidelikste uithoek van die vasteland gevestig raak, met uitbreidingsmoontlikhede slegs die binneland in wat agter lê in al die noordelike windstreke. Aan die Kaap self is die ruimte baie gou te beperk en die vryheid van die gemeenskap t.o.v. die meesters, die Here XVII, te ingeperk, en dan begin die volksbeweging na die noorde, steeds maar na die noorde. Die vraag word dikwels gevra waar die Afrikaner se trekgees vandaan kom. Dié vraag moet gesien word teen die agtergrond van beweeg- en lewensruimte. As 'n mens in Kaapstad staan voor die standbeeld van die bonkige reus Rhodes, met sy arm dramaties uitgestrek en die vinger wat rigtend wys na die noorde, en met die bekende opskrif: **THERE LIES YOUR HINTERLAND!** dan besef jy dat die beeldhouer onbewus die trekgees van die Afrikaner vasgelê het in die liggaam van 'n Engelsman.

Aanhoudend het die stroom blankes die binneland ingetrek agter water en weiding aan, agter vryheid uit verdrukking aan, agter 'n moontlikheid aan om 'n bestaan te voer sonder die inperkende voorskrifte van elders af. Totdat dit naderhand gelyk het of die drang na elders 'n siekte van die gees is wat bekendstaan as trekgees, 'n onmaatskaplike verskynsel wat sy wortel moet hê in gebrek aan samewerking, weersin in georganiseerde wet en orde en staatsgesag en 'n oorontwikkeling van die gevoel van selfstandigheid. Tog is die hele verskynsel grotendeels en eenvoudig te verklaar as die aanlokking die binneland in met sy onbeperkte geleenthede.

Hierdie beweging duur voort tot aan die einde van die neëntiende eeu. Teen daardie tyd het ander lande en ander volke elkeen 'n hap uit Afrika vasgelê, almal ten noorde van

die noordwaarts bewegende Afrikaner, en aan die begin van die 20ste eeu vind hy skielik die pas verder noord afgesny. Nou sit 'n klomp van hulle reeds in Manikaland, in Kenia, in Angola, en toe ons mense ontdek die hekke is gesluit, het 'n klomp van hulle oor die mure gespring en uitgeswerm na Suid- en Noord-Amerika.

Na mate die 20ste eeu vorder en die vasteland sy noodlot tegemoet gaan, was dit nodig om die groepe wat te ver afgeswerf het, terug te bring na hulle tuiste, binne die kraalmure. Ons het begin met die Argentyners, die Dorslanders, en tans is ons besig om mense terug te verwelkom uit Eldoret, Tanganjika, Manikaland en die Rhodesiese Federasie.

'n Volk is besig om terug te keer tot homself, binne die landpale wat deur die Voorsienigheid vir hom aangewys is as die prakties moontlike. Binne in die landpale self is ons besig om die woning aan te wys vir elke besondere groep, ons is besig om reg te skommel vir wat voorlê. In boerderyterme kan ons sê: die tyd van ekstensiewe en deurmekaar boerdery is verby, en ons is besig om oor te gaan na die intensiewe, geordende boerdery, die verdeling en indeling in kampe.

Wat beteken dit in terme van skeppende skoonheid, kuns? Wat het ons voortgebring, terwyl ons op die trekp pad was? Die vraag kan heel natuurlik beantwoord word. Daar is 'n ou volksliedjie wat sê: Die wapad is my woning/die skilpad is my koning. Hierin lê ons antwoord saamgevat: Ons kuns was grotendeels die kuns van die trekp pad. Daarom hoef ons dit nog nie te kleiner en gering te skat nie. As ons eers geleer het om daarna te luister, het dit sy eie bekoring, net soos die trek-kers bestaan sy eie besonderse bekoring het. Maar ons moet leer om dié soort kuns na sy aard te takseer. Dis die kuns van die jagverhaal, spookstorie, dierverhaal, die raaisel, rympie en die volksliedjie; dis die kuns van die konsertina, die velviool en kitaar; dis die kuns van praktiese noodsaak soos dit tot uiting kom in hartbeeshuis en kleihuis en voorposwoning terwyl slegs in die gesete veiligheid van die verre suide die genoemde Kaapse boustyl kon ontwikkel tot blywende sieraad. Elders is ons kuns in al sy vorms egte volkskuns wat tans meer volkskundig van belang is as iets anders. Met dié benaming word dit nie verdoem nie. Inteendeel. Dit het vir sy skeppers en sy tyd 'n wonderbaarlike praktiese geesteswaarde gehad, maar sy tyd is verby. Die nabloei daarvan sien ons in die kuns van Langenhoven, Malherbe, Sangiro, die Hobsons, Leipoldt, I. D. du Plessis, die Louws en Opperman. As voe-



dingsbodem het dit dus 'n verbasende vrugbaarheid waarvan ons kunstenaars oor die algemeen nog te min bewus is. Dis ekstensiewe kuns.

Maar langs die trekpad het nog iets anders ook gebeur. Dáár het die afslyting plaasgevind van taal en kultuur, net soos op die plaas van die Boland, waardeur ons ten dele vervreem geraak het van die stamlandse geestesgoedere as gevolg waarvan ons sintuie en ons tong ontvanklik geword het vir dinge van ons nuwe land. Ons taal het daardeur Afrikaans geword en ons kultuur Afrikaans.

Wanneer ons by die 20ste eeu kom, gebeur daar nog ander belangrike dinge. Tot aan die einde van die 19e eeu bistry Nederlands en Engels mekaar die voorrang as landstaal en kultuurtaal, terwyl weinig mense met enige erns ag geslaan het op die geharde omgangstaal wat ongemerk besig was om vlakke en vlei, berg en bos in te neem as 'n onaansienlike takhaar wat skrikkerig was vir sitkamer en skool, en onwennig by regspleging en evangelieprediking. Wanneer Suid-Afrika vir die eerste keer in ons geskiedenis verenig staan onder één sentrale gesag, en wanneer Nederlands net nog in naam meetel, dan kom Afrikaans onverwags naas hom te staan teenoor Engels.

Prakties sou Afrikaans nog 'n halfeeu die rol speel van maatskaplike dialek: in die landsdiens is dit vertaaltaal; in die beoefening van die wetenskappe, in die ambagte geld dit nog baie lank as 'n noodsaaklike euwel, met geen werklik vormende waarde maar wat om vredesnaam tog maar verdra moes word.

Dit is maar van gister af dat Afrikaans as geestelike voertuig van die moderne mens toereikend toegerus is om aan te dring op ontvoogding, toegerus om volledige kultuurtaal te wees van 'n land waarin die boerdery, kunste en wetenskap, ambagte, nywerheid en tegnologie gepleeg word.

Merkwaardig is dit hoe dat die geestelike groeiproses van die Afrikaanse mens, 'n groeiproses 'n nuwe wêreld in 'n groeiproses wat loop oor kolonialisme, verknegting, oor voogdyskap heen tot volle selfstandigheid, sy volle ontvoogding en sy hoogste mate van bruikbaarheid bereik met dat ons ook staatkundig, in ons staatsvorm, 'n republiek word vanaf die Kaap tot aan die Limpopo, vanaf die kuste van die Indiese Oseaan tot aan die Atlantiese Oseaan. Voorheen is gesê dat die Afrikaanse volk ontstaan het met dat sy lewensruimte getem en in besit geneem is. Nou kan ons byvoeg: die Afrikaanse taal bereik volledige bruikbaarheid met dat die Afrikaanse mens

só selfstandig van gees geword het dat hy ontvoog aansluit by die wêreldry van vrye volke. Die Afrikaner en sy land en sy taal is dus 'n gelyktydige verskynsel.

Die koms van die Republiek het vir Afrikaans verreikende gevolge wat hulle ontstaan het in die wêreld van die gees waar die onsienlike waardes woon, maar wat sigbaar word in al die dinge van die daaglikse lewe.

Onder die ou bedeling, vanaf 1806, was dit so dat ons Hollandssprekendes 'n klompie weerbarstige afwykendes was in 'n groot kultuurkring waarin Engels die enigste waarde-bepalende taal was. Ons taal was 'n ongerief vir ons regeerders, 'n belemmering van hulle handel, 'n blok aan hulle geestelike been. Die feit van besit te wees deur aankoop of deur verowering het met eens ons en ons taal die minderheid gemaak, en daarvandaan na die mindere en minderwaardigheid is maar 'n halwe skrede. In die groot Angelsaksiese wêreld was ons 'n paradoks, 'n teenstrydigheid, en die pogings om ons met ons omwêreld gelyk te skakel was net maar 'n natuurlike uitvloeiing van die feit dat die verloop van die geskiedenis ons in 'n verkeerde imperiale konstellasie laat beland het. Dat ons ons teen gelykmaking, wat moes uitloop op uitwissing of opslurping, sou verset, is net maar natuurlik by mense wat gewoon was om self hulle daaglikse lot te bepaal in voorpos-omstandighede. Dat ons die proses oorleef het is te danke aan ons hardkoppige verset, ons geloof in ons self, en genade van Bo.

Maar nou kom ons in 'n Republiek wat hoofsaaklik uitgeroep is op aandrang van die Afrikaanssprekende meerderheid van die bevolking, met die landsregering, geregs- en staatsdiens, die bestuurlike instansies in die hande van die meerderheids-groep. Op sigself is dit al 'n belangrike faktor om Afrikaans as landstaal 'n nuwe gedaante te laat aanneem.

Maar daarby kom die verbreking van soveel ou bande: somiges deur ons eie keuse, ander deurdat geen keuse aan ons gelaat is nie. Soos 'n uitgediende kleed val nou af al die kultuurbande van die ryksgroepering: sport, wetenskaplike instellings, handelsbetrekkings, gemenebestelike instellings van allerlei slag en soort met hulle hoofsetels in die Verenigde Koninkryk. Ons kan nie meer in die ou verband, met Engels as bindende faktor, saam krieket speel, saam oor universiteitsake beraadslaag en voordeel trek uit dieselfde beursstelsel, inligtingsdiens en uitruilskemas nie, ons kan nie saam tennis speel, deelneem aan die statebondspele; die Engelse kerke moet be-

paalde verwysings na die Koningskap en adel verwyder uit hulle kerkorde, padvinders en allerlei ander organisasies moet hulle oorsese geworteldheid laat vaar en leiers in ons eie land vind. Die Afrikaanse kind verdwyn uit die Engelse skool, en die Bantoe-kind maak kennis met moedertaalonderwys. Die ou aansien van Engels binne in die groot kultuurkring van Angelsaksies kry hier met eens en onverwags 'n gevoelige knou, en van 'n meerderheidstaal in die groter verband, word dit nou die taal van die minderheid in die Republikeinse verband.

En so staan ons twee landstale nou, wat gevoelswaardes betref, presies in omgekeerde rolle teenoor mekaar in vergelyking met die afgelope anderhalf eeu. Vir ons wat die Afrikaanse taal troetel en dra, dit knee en brei in die gebruik as voertuig van die kunssinnige gewaarwording, het die nuwe toestand 'n besondere betekenis, dit hou vir ons 'n besondere uitdaging in.

Met die koms van die 20ste eeu het die beweging ten gunste van Afrikaans in alle erns aangebreek, en aanvanklik was die vernaamste groeipunt die onderwys en die letterkunde. Juis op hierdie twee het die grootste dringendheid geheers, en veral die woordkunstenaars het in 'n stryd verkeer teen die tyd, want tot die huidige hede toe slaag ons net maar daarin om altyd geskikte nuwe leesstof te skep vir die groeiende geslagte kinders en volwassenes wat al meer en meer op die bronne van die eie moedertaal toegewys is vir geestesvorming, en waar die boek in die moedertaal 'n gedugte borswering word teen geestelike verstolling en verval as gevolg van vereensaming buitekant die breër stroming van die wêreldgebeure. Ons dienaars van die woord het rede om met 'n mate van voldoening te verwys na wat bereik is.

Maar as ons nou 'n slaggie onbevange terug kyk op die weg wat afgelê is en wat bereik is op die gebied van die letterkunde, dan sien ons wel bepaalde groeipunte in 'n driekwart eeu van wroting wat saamhang met ons eie landsgebeure, waar dinge van ons eie ervaring gediën het as bevrugting van die skeppende kunstenaar: die tweede vryheidsoorlog, die rebellie, die armblankevraagstuk, die kultuurstryd, die groot trek, ons kompanjies tyd, ons veldlewe, ons volkslewe in sy verskillende lae en skakeringe.

Daarnaas sien ons egter betekenisvoller die invloed wat uitgaan van ons kunstenaars se kennismaking met die letterkunde van ouer lande veral in Europa: ons dink aan die na-Tagtiger invloed op Jochem van Bruggen, van Staring en Gezelle op

Totius en Van den Heever, van Duitsers op Sangiro, van die Nederlandse eksperimentaliste op ons eie Dertigers en lateres; ons dink aan die romantiek van Van Lennep, die neo-romantiek en die moderne saaklikheid en surrealisme. En dit is goed dat dit so sal wees, want ons kultuur is gewortel in die Wes-Europese kultuur, en dit is net maar gesond dat ons in voeling bly met die geesteslewe van ons lande van herkoms waar ook die groeipunte van ons geestelike kultuur geleë is. Dis noodsaaklik dat ons hierdie voeling blywend en steeds enger sal staande hou. Dis egter nie waaroor dit hier gaan nie.

Waaroor dit wel gaan is die tyds kloof wat lê tussen die werking van verskynsels in Europa en die tydstip waarin hulle waar te neem val by ons eie kunstenaars. Sonder uitsondering is dit so dat nuwe bewegings in die letterkunde in ons stamlande reeds bykans afgeloop het en dáár reeds lankal met iets nuuts begin is, voordat dit 'n weerklank vind in Afrikaans. Die kleinste tydsverskil het voorgeval by die Nederlandse eksperimentaliste van die twintigerjare en die moderne saaklikheid, maar selfs dan nog was daar 'n tydsverloop van byna twee dekades.

Gesien uit ons eie standpunt en in vergelyking met ander tydgenootlike letterkundiges beteken dit veral twee dinge: a. Ons algemene kennis van en aanraking met ander letterkundes is te ingekrimp en dit draai te veel om wat ons kennis van Engels, Afrikaans en Nederlands vir ons bied, ons steun oor die algemeen te veel op die plaaslike Engelse tydskrif en boekhandel wat aan dieselfde gebreke ly as ons aan Afrikaanse kant, en ons Afrikaanse uitgewerye hou om begryplike redes te weinig tred met wat elders in die wêreld van die boek gebeur. Dis gevaartekens waarop ons moet let, en veral moet ons bewus wees daarvan dat geen gevormde moderne mens voldoende het aan sy eie moedertaal of die leidende taal van sy eie kultuurkring nie. Laat dit nou wees die kennis van wêreldtale soos Engels, Sjinees, Spaans, of van bepaalde kultuurkringe soos Russies, Frans, Sweeds, Duits, Italiaans, of 'n geografies beperkter taal soos ons eie moedertaal, Afrikaans, vir almal geld dat dié mens wat hom gaan beperk tot die moontlikhede van daardie één taal alleen, beteken dit opsetlike insularisme, inperking op geesteseilande. Op die gebied van die skeppende gebeur daar orals op die wêreld belangrike dinge, en slegs as mens toegerus is om meer as een kultuurkring binne te dring, kan ons maar enigszins weet van wat aangaan. Vir ons in Suid-Afrika het die tyd aangebreek, nou meer as ooit voorheen, om

te besef dat 'n kennis van Engels en Afrikaans alleen ons nie voldoende toerus om die moderne wêreld ruim en tydgenootlik mee te leef nie. Ons belangrikste stamland, Nederland, stel aan sy universiteitsleerlinge 'n algemene eis van viertaligheid, en dit word tyd dat ons in Suid-Afrika, alle inwoners van die Republiek, nog minstens twee kultuurtale by kry benewens ons kennis van Afrikaans en Engels.

b. Tweedens loop ons beperkter taalhorison op 'n swakker ondernemingsgees uit. In ons stamlande gebeur dit oor die algemeen dat woordkunstenaars vier tot vyf jaar vroeër hulle kragte waag aan woordskepping, wat natuurlik al weer gaan beteken vroeër geestelike rypheid. In ons Nederlandssprekende stamlande is dit ook 'n algemene verskynsel dat elke nuwe geslag jongmense met minstens een nuwe letterkundige tydskrif begin om draer te wees van hulle opvattings oor woordskeppingskuns. Ons moet begryp dat die skeppende kunstenaar die gebied betree van die onsenlike dinge en dit wat hy dáár waarneem, deur middel van woorde probeer vertolk vir sy tydgenootlike medemens. Op sy beste is die woord maar 'n mankoliekige stuk gereedskap wat elke geslag weer van vooraf moet leer hanteer op sy eie manier volgens sy behoeftes. Daarom dat elke nuwe geslag kunstenaars moet eksperimenteer om hulle te oefen in die hantering van die woord en om tot helderheid te kom oor wat hulle te sê het. Daarom dat nuwe letterkundige tydskrifte 'n teken is van vernuwing, van jong lewe. Dit skeel weinig dat hulle almal na 'n jaar of wat weer verdwyn om plek te maak vir ander eenjaarsvlinders, want in alle kultuurlande is dit slegs enkele letterkundige tydskrifte wat oor dekades heen bly voortbestaan en dan ook net omdat hulle telkens 'n vernuwing van gees en van voorkoms ondergaan soos die spreekwoordelike verkleurmannetjie.

Kyk ons na die letterkundige landskap in die Republiek: Engels en Afrikaans. Waar is die tydskrifte van die jongeres? Orals is daar jaarlikse skoolblaaie, ja, maar dié bevat groten-deels tereg verslae oor skoolbedrywighede en dan skeppingswerk op skoolvlak — wie verwag meer? Maar die na-skoolse spore van nuwe lewe, van ondernemingsgees, waar is die? Ons gevorderde jongmense is behep met die sogenoemde menslike vryhede, vryheid tot dit en vryheid tot dat, maar waar bly hulle ondernemingsgees om die wêreld van ongesiene waardes, waarvan hulle so baie te vertel het, alleen of in 'n groep van gelykgesindes te betree om hulle ontdekkingsreise van die gees neerslag te laat vind in die vorm van woordkuns? Hierdie gebrek

aan durf, gebrek aan vormkrag, is nog 'n teken van gevaar, 'n teken dat ons die gees van die voorposbestaan slegs tot ons eie skade kan laat uitsterf onder ons.

As ons dit kernagtig wil saamvat, kan ons moontlik, sonder geringskatting, of kleinering van wat reeds bereik is, sê dat die Afrikaanse kunstenaar tot dusver 'n soort beskermde bestaan gevoer het. Geestelik en eksperimenteel het ander kunstenaars en ander denkers vir ons die pad eers oopgetrap en ons het in die gebaande weë gevolg. Nuut as bydrae is hoofsaaklik die aanwending van bekende vorms en stromings by Afrikaanse omstandighede. As ons al die omringende omstandighede in aanmerking neem is dit nogal 'n aansienlike prestasie, maar dis nie meer genoeg nie. In die nuwe lig waarin ons te staan kom, in die nuwe omstandigheid dat die Afrikaanse woordkunstenaar die geestelike touleier is van die blanke meerderheidsgroep, is dit nodig dat ons ook as denkende skoonheidskeppers sal voor loop, dat ons die voorskootpante 'n bietjie sal laat los, en moedig sal voortgaan en voorgaan in die terra incognita, die onbekende land waar die waarde van menslike verhoudings en van ewige skoonheid woon.

So elke af en toe gebeur dit met die een of ander enkeling dat hy deur genade 'n toekomsblik ontvang wat hy dan agtervolg en waaraan hy gestalte probeer gee. Dit voer hom by sy tydgenote verby in 'n gebied in waarin daar geen spore van voorgangers lê nie en waarin hy alleen staan op die voerpunt. Tydgenote is daar nie om raad te gee nie, want van wat hy vorentoe gesien het weet hulle niks af nie. In hierdie gebied is die kunstenaar siel alleen en hy is net maar toegewys op eie kragte, eie onversetlike wil om dit wat hy vermoed onverskrokke te volg waarheen dit ook al mag voer, en om dan as naakte gees voor die beoordelaars van sy tyd en sy volk te verskyn met wat hy langs die buitegrense van die gees ontdek het. Hierdie soort enkelinge is skaars in die lewe van volke, maar waar hulle verskyn, weet die volk dadelik: die uur is daar, en hier is die man! As dit met 'n kunstenaar gebeur dat hy só die genade ontvang, dan kry ons die vereensaamde, die denker wat in sy skeppende kuns vorm gee aan gedagtes wat selfs wysgere nog nie of nog nie só gedink het nie, en dan word die skeppende kunstenaar geestelike leier, nie net van sy eie volk nie, maar ook van sy tyd.

Daarvoor en daarom is dit vir die Afrikaanse skeppende kunstenaars nodig om in hulle gedagtelewe ook te probeer deurdring tot die wortels van ons bestaan as skepsels. Mens kry

te veel nog die indruk van 'n groot deel van ons woordkuns dat dit nugter bedenkels is van die oomblik. Daar word te veel toegespits op verbode liefde, die ewige driehoek van menslike verhoudings, speursensasie en doodslag — dinge wat seer seker 'n reg van bestaan het en wat daar moet wees om elke menslike hart te roer, maar wat ons nie verder voer as wat die kleinburgerlike gesanik van die kleinburgerlikheid ons bring nie. Toevallig is dit so dat die woordkunstenaar net maar met woorde kan skep en dat woorde nie verder kan reik as die bestaande begripswêreld nie. Maar agter die wêreld van die sienlike lê die onsenlike, waardeur die sienlike dinge vervaag tot 'n onwerklike skyn. Waar die twee wêrelde ontmoet, dáár is die tuisland van dié skrywers wat ook die denkende touleiers is van die mensdom. Dis 'n dunbevolkte gebied, omdat die lug daar dun is en die lig skraal, internasionaal in sy verband, maar nasionaal in sy uitingsvorm omdat elke kunstenaar gebind is aan 'n volk en aan 'n kultuur, maar vandaar dan ook dat die ware kunswerk uitstyg bokant die eng nasionale.

Dit is die uitdaging van die Republiek aan die Afrikaanse kunstenaar: dat hy die geestelike leier van sy volk en voorloper van die mensdom sal wees. Dis 'n uitdaging om die algemene menslikheid uit te spreek of vorm daaraan te gee in 'n nasionale verband sodat die Afrikaanse volksmens dit sal herken en dit verrykend aanvaar as bestanddeel van sy daaglikse bestaan.

Om Afrikaanse skrywer te wees in die Republiek, om skrywer te wees in die moderne tegnologiese wêreldbestel waarin alle ou waardes aan die wankel raak en sonder seremonie omvergehaal word, is om die slagvelde van die gees onbevange te betree en om aan die slae deel te neem. Dis 'n uitdaging wat gerig word tot die hoogste menswaardigheid wat in elkeen van ons woon.

Ons Afrikaanse skrywers wat voorlopers wil wees van ons volk: die uitdaging staan voor ons.

## BEDE VAN DIE KLUISENAAR

*Seun van die lewende God, U, Koning van die begin af tot  
in ewigheid,  
mag 'n klein hut in die wildernis my onderdak wees  
met 'n klein vywer daaragter om my deur die genade van die  
Heilige Gees skoon te was van sonde,  
waar 'n klein, slank, loodgrys leeurik tril;  
en rondomheen, baie naby, 'n mooi digte bos  
waarin veelstemmige voëls verborge voedsel vind en skuilplek.*

*Mag my hut suidwaarts kyk — mag daar 'n spruitjie verby-  
stroom —  
op vriendelike grond wat die vrugte van allerlei plante lewer.  
En 'n klein groepie verstandige mense — hul getal sal ek  
netnou noem —  
vol deemoed, gehoorsaam, om saam met hulle die almagtige  
Koning te aanbid.*

*Viermaal drie, driemaal vier, tot alle werksaamhede bereid,  
twee maal ses in die kerk wat noord- en suidwaarts kyk,  
ses paar manne behalwe my om ewig te aanbid  
die Vors wat die groot son, die maan en die sterre laat skyn.*

*En 'n vriendelike kerkie met 'n linnedoek op die altaar,  
woning van die hemelse Gees,  
waar kerslig skyn oor die suiwer, wit Heilige Skrif.*

*Tot versorging van die liggaam 'n gemeenskaplike huis vir  
ons almal.  
sonder bitter woorde, sonder praal of trots en sonder bose  
gedagtes.*

*Dit is die woonplek, ek wil dit openlik beken, wat ek begeer,  
met geurende knoffel, 'n paar hoenders, salm, {orelle en bye.  
Mag die roemrugtige Koning my genoeg klere en voedsel skenk.  
En mag die kort tydjie wat my beskore is, een enkele lofsang  
tot God wees.*

*( 'n Anonieme Ierse gedig uit die tiende eeu n.C. ontleen aan W. Enzinck:  
De dichter bidt: in Afrikaans verwerk deur P. W. Buys.)*



## DIE KERET-EPOS VAN DIE OU KANAÄNIETE

In die jaar 1929 het 'n Franse argeologiese ekspedisie onder leiding van Claude F-A. Schaeffer en Georges Chenet begin met opgrawings op die ruïnehoop Ras Sjamra (Vinkelkop). Ras Sjamra is geleë in die noordelike gedeelte van Sirië regoor die noordelike punt van die eiland Ciprus. Sommer van die begin van die opgrawings af het dit duidelik geword dat in hierdie tell (= ruïnehoop) 'n belangrike beskawing opgesluit lê. Gedurende die opgrawings van 1929 en 1930 is daar 'n hele aantal spykerskriftablette ontdek. 'n Groep van hierdie tablette het geleerdes onmiddellik aan die gis gehad. Dit is ook in spykerskrif geskryf, maar 'n soort wat tot en met daardie tyd heeltemal onbekend was. Die klein aantal tekens het geleerdes laat raai dat hier 'n alfabet in spykerskrif ontwikkel is en nie van 'n lettergreep- of ideogramskrif soos in Akkadies gebruik gemaak is nie.

Terwyl geleerdes met hierdie nuwe vonds geworstel het, het twee wetenskaplikes onafhanklik van mekaar bewys dat Ras Sjamra die ou stad Ugarit is wat uit verskeie vroeëre Akkadiese inskripsies bekend is. Hierdie geleerdes is W. F. Albright en E. Forrer. Hierdie ontdekking het die studie van die agtergrond van die ou Kanaänitiese beskawing geweldig aangehelp.

Intussen het verskeie geleerdes hulle gewy aan die ontsyfering van die nuutontdekte tablette. Reeds in Mei 1930 het twee geleerdes onafhanklik van mekaar begin lig sien. Hulle is die Duitser, Hans Bauer en die Fransman, Edouard Dhorme. In Oktober van dieselfde jaar kon hierdie twee beroemde geleerdes die resultaat van hulle ondersoek wat sedert Augustus gesamentlik gevoer is, bekendmaak. Die tekste is ontsyfer en 'n verbasende interessante literatuur tree nou vir die eerste keer aan die lig. Die samestelling van die verskillende spykerskriftablette was 'n uiters moeilike taak en hier het veral 'n paar geleerdes baanbrekerswerk gedoen. Die vernaamste is Charles Virolleaud, 'n Fransman, die Amerikaners W. F. Albright en Harry Ginsberg. Met die aanvoeging van die verskillende tekste het dit duidelik geword dat ons hier te doen het met 'n paar lang epiese gedigte. Die belangrikste hier is die Baäl-epos, Aqhat en Keret.

Voordat ons nou 'n bespreking gaan bied van die Keret-epos, wil ons net een en ander meedeel oor die taal waarin hierdie geskryfte geskrywe is. Die taal kan ons goedskiks Noord-Kanaänities noem wat deel gevorm het van algemene Kanaänities. Hebreeus was o.a. deel van hierdie groep dialekte. Die taal waarin die eposse geskrywe is, staan dus naby aan Hebreeus. Met kennis van Hebreeus kan groot gedeeltes daarvan gelees word. Tog is daar natuurlik ook eie dialektiese afwykings veral van latere Hebreeus. Die vroegste Hebreeus staan die naaste daaraan. Hoewel daar nog heelwat woorde is wat in Ugarities voorkom wat nie in Hebreeus bestaan nie (altans nie in die geskrewe Hebreeus van die ou Testament nie) is die gemeenskaplike agtergrond van hierdie tale nie net in die woordeskat nie, maar ook in die uitdrukkingswyse duidelik sigbaar.

Dit word vandag vry algemeen erken dat Keret van die drie groot eposse, die jongste is. Die tablette waarop Keret geskrywe is, is ontdek in 'n gedeelte van die tell wat in die Laatkoper-tydperk gedateer word, ongeveer 1300 v.C. Kenners is egter van mening dat Keret as verhaal kan teruggaan na die sewentiende eeu v.C. En dan is Aqhat- en die Baälepos nog ouer. Ons het hier te doen met 'n betreklike ou verhaal wat in ouderdom goed vergelyk met dergelike verhale in Mesopotamië en Egipte. Hierdie verhaal bied ons dan ook van die fynste kunsgrepe in die verhaalstyl van die ou Nabye Ooste. Vir die westerling mag hierdie soort verhaal soms eentonig word of sonder 'n bepaalde hoogtepunt. Andere mag dit as futloos bestempel en sonder enige blywende waarde. Hierdie soort benadering toon ons onkunde ten opsigte van die kultuurmense van weleer. Hierdie ou kultuurmense het hulle eie ingesteldheid gehad, hulle eie benadering van probleme, hulle eie konsepsie van die wêreld waarin hulle gelewe het. Of ons die tyd waarin hierdie mense geleef het bestempel as die prelogiese, die mitiese of mitopoëtiese, maak nie saak nie, hulle het dinge anders ingesien as ons. Wanneer ons nou deur die idioom van hulle tyd kan breek en die opvattinge van hulle tyd in ons idioom kan vertaal, dan sien ons dat daar meer fut in hulle verhale is as in baie van die verhale van ons tyd.

Een van hierdie ou verhale is die epiese gedig oor Keret. Laat ons nou kortliks stilstaan by die vertelling self: Die verhaal begin deur ons te vertel van rampe wat koning Keret getref het. Hy het sy regmatige vrou verloor, sy kinders is ook almal dood. Daar is dus vir hom geen erfgenaam of opvolger nie. Volgens die opvatting van die ou Nabye Ooste is dit 'n

groot ramp wat hom getref het, een van die grootste wat 'n mens kan tref. Deur hierdie rampe gepla en onder die besef van sy armoede, begin Keret bitterlik te ween. Sy trane val op die grond soos sikkels. Terwyl hy aan die slaap raak in sy droefheid, kom die Kanaänitiese god, Il na hom in 'n droom. Hy vra aan hom waarom hy so ween. Is dit miskien omdat hy die koningskap van Il begeer? Il moedig Keret aan om vrolik te word, om 'n offer te bring bo-op die muur van die stad. Hierdie offer is heelwaarskynlik gebring terwyl daar 'n verbond tussen Il en Keret gesluit is, want nie alleen moet daar geoffer word nie, maar ook is daar 'n maaltyd gehou. Dit is gewoonlik in die ou dae gedoen by die sluiting van 'n verbond (vgl. Ex. 19). Keret het gehoor gegee aan hierdie raad van Il en het ná die offer, 'n leër gemonster om na 'n land te vertrek wat groot Udum en klein Udum genoem word. Hierdie land behoort aan 'n koning met die naam van Pebel. Voordat hy egter hierdie land binnetrek, gaan maak hy eers 'n draai by die heiligdom van die godin Asjera van die Sidoniërs. Hier belowe hy dat indien hy daarin kan slaag om die dogter van Pebel, Harija te verkry, sal hy dubbeld haar gewig in silwer gee en driemaal haar gewig in goud. Na hierdie belofte trek hy die land van Pebel binne en vang die vroue wat hout optel, andere wat op die dorsvloer strooi vergader en die wat by die putte en fonteine water skep. Uiteindelik bereik hulle die stad van koning Pebel wat hulle dan ook dadelik beleër. Pebel is baie ontsteld by die aanskoue van die vreemde leër voor sy poorte en probeer die vyand afkoop. Hy belowe goud en silwer, vaste besitting, perde vir strydwaens e.d.m., maar die boodskappers wat met hierdie beloftes by Keret kom, word teruggestuur met die boodskap dat hy nie geskenke wil hê nie, maar dat hy alleen met Harija, die dogter van Pebel tevrede sal wees. Hy wil hierdie jong meisie as vrou hê sodat sy vir hom 'n nageslag kan voortbring sodat hy 'n erfgenaam vir sy troon kan verkry. Weens die gebrokenheid van die teks is dit toe nie duidelik wat presies gebeur het nie, maar ons kan goedskiks aanvaar dat Harija aan Keret as vrou gegee is. Nou word verder vertel hoe die gode en veral die vrugbaarheidsgod, Baäl, besonderlik belanggestel het in die geboorte van 'n nageslag vir Keret. Eers word daar 'n dogter gebore, maar uiteindelik word daar seuns voortgebring. Die geboorte van die jongste seun, Jasib word besonder vermeld. Hierdie geboorte het groot vreugde verskaf en Keret het 'n fees laat voorberei vir die geboorte van sy kinders. Hierdie fees is egter 'n offermaaltyd. Kort daarna word

Keret egter ernstig siek en 'n lang teks vertel hoe sy kinders oor die betekenis van hierdie siekte nagedink het. Hulle het hom as 'n onsterflike gesien. Waarom is hy dan nou so ernstig siek? Hierdie siekte word ook 'n probleem vir die gode en die skrynerkersgod en sy helpers word opgeroep om die siekte te verdrywe. Wat hierna gebeur is onseker aangesien die teks gebroke is. Uiteindelik word dit duidelik dat 'n vrou na die land, stede en paleis gaan om hom gesond te maak. Sy verdryf die siekte en Keret se eetlus keer terug. Hy roep sy vrou en vra aan haar om 'n groot maal voor te berei. Hy eet baie lekker en keer later terug na sy troon. Terwyl hy op sy troon sit, kom sy seun Jasib na hom en beskuldig hom van nalatige bestuur van sy land. Die siekte wat Keret gekry het, sou dan moet toegeskryf word aan die feit dat hy nie reg aan die weduwee, wees en arme laat geskied het nie. In die ou Nabye Ooste was die beskerming van die arme beskou as die plig van vorste. As hulle dit nalaat, word hulle gestraf. Volgens Jasib het Keret hierdie plig versaaak en daarom is hy deur die gode met 'n siekte besoek. Jasib het egter ook bybedoelings, want hy beveel sy vader om van sy troon af te kom sodat hy kan regeer. Ou koning Keret antwoord sy seun met 'n vernietigende vervloeking. Hy roep sekere gode in om die kop van sy seun te verpletter. Hiermee eindig die verhaal.

'n Mens kan duidelik die tragiek van hierdie verhaal insien. 'n Man verloor sy hele gesin net soos die Bybelse Job. Hy gaan veg teen 'n ander land en dwing daardie koning om sy dogter as vrou aan hom te gee. Daar word nou 'n nageslag gebore en almal is vrolik, maar hierdie vreugde is van korte duur, want Keret word siek tot die dood toe. Terwyl hy op sy knieë lê, sweer sy nageslag, sy seun wat hom moet opvolg, saam teen hom en probeer met 'n aanval op morele gronde hom van die troon drywe. Hierdie seun waarvoor daar so baie gedoen is, word nou deur die vervloeking van sy vader vernietig. Keret het dus verkry wat hy wou gehad het, maar het dit op die ou end weer verloor.

Dit sou miskien die leser interesseer om 'n aantal kort uittreksels uit hierdie epos in vertaling te lees om op daardie wyse die styl en segswyse daarvan beter te begryp. Wanneer 'n mens hiermee werk is die affiniteit met die Bybelse verhaaltrant en poësie opvallend. Ons kry bv. die sogenaamde trappe-spreuk wat gewoonlik 'n kunsmatige spreuk opbou met die getalle van een tot sewe. Heel aan die begin waar die dood van Keret se familie beskrywe word, is die epos egter in gebroke

vorm oorgelewer, maar ons lees vanaf reël sestien:

'n derde sterf by geboorte,  
'n vierde van siekte,  
'n vyfde maak die pes (Resjef = pesgod) bymekaar.  
'n sesde word deel (lett. jongeling) van die see,  
'n sewende, kyk, val deur die swaard.

By hierdie vertaling bespreek ons natuurlik as gevolg van die tegniese karakter daarvan, nie ander moontlike vertalings nie.

Die gevoel wat hierdie ramp by Keret gewek het, word soos volg in 'n pragtige parallelle styl weergegee:

Keret sien sy vaderskap,  
Keret sien sy vaderskap vernietigd,  
hy is grootliks berowe van sy heerskappy en huis,  
kyk, 'n familie kom om,  
in sy geheel 'n erfgenaam.

Hierdie styl van parallelle gedagtes is vir ons nie vreemd by ander groepe van die ou Nabye Ooste nie. Dit was waarskynlik 'n algemene styl. In die Bybel staan bv. in Gen. 4 : 23:

Ada en Silla, hoor na my stem,  
Vroue van Lameg, luister na my woord.

In die Egiptiese verhaal van Sinuhe van ongeveer 1900 v.C. tref ons dieselfde styl aan. Sinuhe stel sy vroeëre toestand toe hy moes vlug en honger ly, teenoor sy latere toe hy 'n voorspoedige man was:

Hy (hy praat van homself in die derde persoon) het  
gedwaal na 'n vreemde land,  
vandag is sy hart vrolik;  
hy was 'n vlugteling wat vlug van sy omgewing.  
my getuienis is nou in die paleis;  
hy was 'n looper wat loop vanweë honger,  
nou gee ek brood aan my naaste;  
'n man gaan nakend weg van sy land,  
nou besit ek fyn linne.

Om terug te keer na Keret, nadat hy van droefheid aan die slaap geraak het, verskyn Il, die god aan hom:

En in sy droom daal Il af,  
in sy visioen, die vader van die mens  
en hy kom nader terwyl hy Keret vra:  
Wat is dit met Keret dat hy huil,  
dat hy ween, die mooi seun van Il?  
Begeer hy miskien die koningskap van Sjur, sy vader,  
of die regering van die vader van die mens?

In die droom beveel Il hom om 'n offer te bring:

Gaan was jouself en maak jou rooi,  
was jou hand tot by die elmboog,  
jou vingers tot by die skouer,  
gaan in die skaduwee van 'n tent,  
neem 'n lam in jou hand,  
'n offerlam in die regterhand,  
'n lammetjie in albei hande.

Keret kry opdrag om weg te trek na die land van koning Pebel. Almal wat enigsins kan, moet gaan. Selfs die mense wat siekes en verswaktes moet oppas, gaan in die leër saam:

Die eensame sluit sy huis,  
die weduwee verhuur inderdaad,  
die sieke dra (sy eie) bed,  
die blinde soek (self sy) weg.

Uiteindelik is koning Keret diep in die land van Pebel. Lgn. is verontrus:

En koning Pebel slaap nie,  
by die geluid van die bul van sy bul,  
by die geklank van die balk van sy esel,  
by die gebulk van die ploegos,  
by die getjank van die waghond,  
stuur hy twee boodskappers:  
Gaan na Keret, na sy kamp.

Pebel probeer Keret afkoop met allerhande geskenke, maar Keret het nie hiervoor gekom nie, maar vir iets anders. Keret antwoord soos volg:

Wat het ek aan silwer en fyn goud,  
aan 'n vaste besitting of aan ewige knegskap,  
aan strydwaens met drie perde  
aan die stalle van die seun van 'n slavin?  
Wat nie in my huis is nie, moet jy my gee,  
gee vir my die meisie Harija,  
liefeling van die familie, jou eersgeborene,  
wie se skoonheid is soos die skoonheid van Anat  
(= godin),  
wie se mooiheid is soos die mooiheid van Isjtar,  
haar oog is soos lasuursteen,  
haar oogappel soos die fynste vaas.

Die gode kom bymekaar en besluit dat daar vir Keret 'n nageslag moet wees. Daar moet vir hom kinders gebore word. Hulle sê aan hom:

'n Vrou moet jy neem, Keret,  
'n Vrou neem jy in jou huis,  
'n jong meisie laat jy ingaan in jou hof.  
Sy sal sewe seuns baar vir jou,  
agt maal agt dogters,  
vir jou sal sy Jasib die jongeling baar,  
hy drink melk by Asjera,  
hy suig aan die borste van die jongvrou Anat.

Na die groot feestelikheid by die geboorte van Jasib, word Keret siek. Daarna word hy gesond gemaak deur die bemoeiing van die gode. Jasib wil egter die troon van sy vader beset en kom met die volgende aanklag:

U het u hand in ongeregtheid laat val,  
u het nie die saak van die weduwee verdedig,  
of die standpunt van die arme (= kort van gees) gestel nie,  
daarom is dit dat u 'n genoot van die siekbed was,  
'n bedgenoot van ongesteldheid.  
Kom af van die koningskap dat ek kan regeer,  
van die regterstoel dat ek daarop kan sit.

Hierop volg Keret se antwoord:

Mag Horon, o seun, verbreek,  
mag Horon jou kop verbreek,  
Asjera, naam van Baäl, jou skedel.

By die lees van die vertaling is dit al duidelik dat ons hier met poësie te doen het. Een van die belangrike ontdekkings wat geleerdes onlangs gemaak het, is dat die ou styl van trimeters (deur die Amerikaners *tricolon* genoem) wat hier voorhande is, ook in die oudste poësie van die Bybel voorkom. Ons het in die gedig van Keret 'n hele aantal goeie voorbeelde van so 'n tricolon. Gewoonlik werk dit op na 'n klimaks. Ons wil hier net twee voorbeelde noem:

'n Vrou moet jy neem, Keret  
'n vrou neem jy in jou huis,  
'n jong meisie laat jy ingaan in jou hof.

Die oorspronklike Ugarities het nie vokale nie, maar dit kan tot 'n groot mate gerekonstrueer word. Die ritme val soos in moderne Europese tale op die beklemtoonde lettergreep.

atata taqihu Jakeret  
atata taqihu bétika  
gálamata tasjaribu hizarika.

Op elk van die woorde val 'n aksent en gee dus die ritme 3 + 3 + 3. Let op die volgende voorbeeld:

Mag Horon, o seun, verbreek,  
mag Horon jou kop verbreek,  
Asjera, naam van Baäl, jou skedel.

Die lui soos volg in Ugarities:  
jatabbiru horon jabin,  
jatabbiru horon rasjaka,  
atatarat sjim-baal qudqudaka.

Weereens het ons die ritme 3 + 3 + 3.  
Dit kan vergelyk word met Ps. 92 : 10:

Want kyk, u vyande, o Here,  
want kyk, u vyande sal vergaan,  
al die werkers van ongeregtigheid sal verstrooi word.

Dit is in dieselfde styl. Dit bestaan uit 'n klimaktiese *tricolon* met die ritme 3 + 3 + 3.

Dit is dus duidelik dat daar alreeds vroeg in die Kanaänitiese beskawing 'n hoë literêre peil gehandhaaf is. Hierdie pragtige epos wat bespreek is, gee enigsins 'n denkbeeld van die gehalte van hulle werk. Dit is maar net een van 'n groep en miskien sal die geleentheid hom later verder voordoen om ook van die ander te bespreek.



J. JAMES:

## DIE VREES

*My broer en ek het saam gespeel  
in dieptes van 'n kleigat — die geel  
klei gebrei tot bondels ongeskapeid.  
Uit die chaos het ons met ongekende vlyt  
osse en drywers en perde en ruiters voortgebring.  
Op die wal het ons suster gesing  
van die draak wat diep en laag  
tot Ragnarök aan Ygdrasill se wortel knaag.  
Sy het die diere en mense aangeraak  
en hul lewendig gemaak.*

*My broer en ek het uit die kleigat gekom  
en na mens en dier gestaar, verstom  
oor ons suster se krag en haar sang.  
Ons het soos geslae honde bang  
na haar gekyk en geweet dat ons speelgoed  
nou lewe was, en vlees en bloed,  
en been en dink en stryd.  
In die stilte het hul verwyt  
om ons drie kom hang  
en ons ingesluit die millennia lang.*

## DROOM

*Kruis en swaard  
en Pax Romana  
'n boot in vaart  
die sterre na*

*'n gloed wat teen  
die fel-blou hemel slaan  
en brand in die been  
waar die boot wil staan*

*gekantel teen rus  
in ewige swerwe  
vloek en lus  
en nooit sterwe.*

W. F. MEYER:

## KLIMTOL

*Wie laat my styg,  
wie laat my daal  
in hierdie ewig-bonte  
dom gemaal?*

*'n Grys lyn strek  
my derms in,  
en ek moet aan my spoele  
sak en klim.*

*Maar watse lyn  
is aan my bek?  
Wie hou die oorsprong eintlik —  
jy of ek?*

*Jy trek die lyn,  
ek draai en glim.  
Waar het die spel van styg en  
daal begin?*

## ONTKLEEDANSERES

*Met my dowwe oë  
oor 'n brandewynglas  
kon ek haar klere sien  
val tot sy nakend was.*

*Meer en meer, met grasia,  
het haar liggaam geskyn,  
maar toe ek haar wou gryp  
het sy verskrik verdwyn.*

*Later in haar kamer,  
in haar klere verskuil,  
het sy, toe ek haar vind,  
oor haar naaktheid gehuil.*

## OP REIS NA PAR(AD)YS

Towerland!

Ek bedoel nie die eenvormigheid van Rue Bonaparte wat tussen die wemeling van wêreldstede meteens die oog tot rus bring juis omdat alles, by wyse van afwisseling, skielik nie meer wissel nie.

Nog ook die springfontein wat donsig nimfe wasig op die Seine laat dans as die nag nog liggies op die dag rus. Of ook die onverskilligheid van die kafeegaste langs die Champs Elysées, soos van mense wat reeds alles oorfloedig gesien het, versadig gesien het en nou van niks meer wil weet nie . . . of die skielike koelte van die Bois de Boulogne.

Nee, dit bedoel ek nie.

Nie dié Parys wat is nie, die stad wat op die sockende reisiger die indruk laat van 'n klein seuntjie wat van sy oorgrootvader sy Sondagpak geërf het en dit nou moedig probeer vol leef sonder dat dit sakkerig plooi om sy skraal liggaampie. Of dié stad waar die Sacre Coeur efemeries in die oggend oopblank uit die rookmisnag van Folies Bergère, Moulin Rouge en Montmartre . . . stad waar slakke slymerig sleep oor sypaad-jievuil om skielik byeen gegrabbel te word as ontbyt vir 'n vakerige kafeegas.

Ek bedoel dié stad wat die gulsige besoeker aan Parys na dié stad toe mee bring, heimelik verborge in sy binneste soos smokkelgoed wat jy toegewikkel diep tussen jou klere in jou reistas probeer wegmoffel dat speurende oë op die grens langs dit nie sal ontdek en van jou afneem nie.

Ewige stad van verlangens wat ons na jou toe bring. Ewige stad van verlossing . . . en van ballingskap.

Jy reis uit die koue Noorde na Parys. Jou geselle: Blou-oog Germane uit die Noordland met ooglede wat leperig afhang van die baie koue en die wit van die sneeu, die ewige sneeu wat alles so blank en rein toeval, bedek soos 'n kleed, waaronder die hele land maandelank slaap . . . maar net hier binne in jou, hier binne in jou, rooi en gloeiend die begeerte . . .

Op 'n ander trein 'n stoere Laaglander van die seekant af, of 'n ingetoë Eilander van oor die kanaal vandaan, hooghartig, nurks . . .

O pad na Parys. Die winters is lank. Die gloed binne . . . Almal op pad na Parys . . .

Gaan na Parys, tokkel die voorwiele van jou reiswa . . . na Parys, tokkel die agterwiele agterna, soos 'n laer gestemde weerklank. Dit word van oor tot oor gefluister, dringend, gluiperig, knipogend. Gaat . . . na . . . Parys. Dáár verval alle bande maar ook alle bande.

Wie sal hom daar aan jou steur as jy die vonkel in die oog en die hup van die lyfie van 'n nooi op die hoek aanvaar as 'n uitnodiging? Wie sal hom aan jou steur . . . Dis tog net onervare Amerikaanse juffertjies wat hulle verbasing nie kan bedwing as kinders op die sypaadjies hulle ewe ongeërg ontbloot en hulle hele behoefte net daar doen, sommer daar amper op jou voete. Wie sal hom aan jou steur . . . ?

Want jy kom daarheen met jou eie las, soos die knop van 'n boggelrug, of die dop van 'n veldskilpad, onafskeibaar deel van jou.

En daardie pak op jou rug, jou blywende bagasie — as jy dit oopmaak dan kom daar snaakse dinge uit te voorskyn. Daar is al jou vooroordele wat ongevraag orals saamreis: Jou eie soort, dis die beste. Al die ander skepsels . . . hulle is net maar skepsels. Jy self alleen is uitverkore. Hulle, wat weet hulle van goeie smaak af? Wat weet hulle van smaaklik kos kook, van sindelikeid, van goeie maniere. En hoe op aarde kan mens sommer 'n nooi hier op die straathoek, helder oordag omhels en vra om saam met jou te gaan! Gits, tant Ralie by ons op die dorp kry die blou aapstuipe as so iets by ons moet gebeur. En, vader, die bont mengelmoes van kleure en geure in die kafees, op straat, orals . . . deur mekaar, tussen mekaar, op mekaar, sommer . . . As dit by óns moes gebeur!

Ja, dikwels soek mens bevryding van die instellings van jou volk. Dit kan wees dat die instellings bestuif geraak het, bekrompe is, te eng. Dit kan wees dat jou persoonlike insigte dié van jou volksgenote vooruit is. En dan kan die instellings van die vaders knel soos 'n tuig wat skawe, 'n tuig wat te styf pas.

Oor die hele wêreld word gefluister: Boeta, kom na Parys! Dáár haal hulle jou pak af. Dáár word al die bande los geknoop. Dáár bestaan instellings nie. Die dag word nag en die nag dag. Elkeen maak net soos hy wil, wat hy wil, en wanneer hy wil. Niemand steur hom aan jou nie, want almal maak net soos jy.

Parys . . . Paradys!

Kom na Parys, julle wat geknel is, julle wat sonder aansien is, julle wat verlangens het wat in julle tuisdorp die daglik nie mag sien nie, omdat dit taboe is, verbode vrugte wat mens skaars mag pluk in die donkerste nag, julle wat geheime gedagtes koester, só geheim dat jy dit nie eers in die eensaamheid van jou dae vir jou self durf fluister nie, uit vrees dat die veld ook ore kan hê, die plaveisel oë wat jou geheimste gedagte-gange sien en volg soos 'n doodloopstraat.

Met ongeduld nader jy die vrystad, en as jy daar kom, val die bande wat jou bind soos sweetdoeke af. En wat sterwend in jou bedolwe gelê het, sonder hoop, kom meteens te voorskyn met 'n vrymoedigheid wat jou verbaas. Jy praat met wildvreemde mense, jy is opgewek, jy vonkel van vryheid. Want jy is mos tussen Parysenaars . . . vrymanne en vroue . . . wat sal begryp en hulle aan niks steur nie.

Jy praat met Parysenaars, jy neem die lewe in met al jou sintuie. Meteens het jy geen inhibisies meer nie, niks wat in jou diepste gemoed met kettings gekerker is nie. Jy leef volkome na buite, deursigtig, sodat jy selfs in jou waswater die naakte beeld van jou persoonlikheid sien. Jy is g'n skaam daarvoor nie, want altyd het jy geweet hoe jy werklik lyk, en hierdie Parysenaars . . . hulle is sulke gawe ouens . . . hulle begryp.

In jou oormoed begin jy rondvra: Waar kom jy vandaan vriend? En jy? En jy nooientjie? Amsterdam? Edinburgh? Ottawa? Pampoenoort?

Gits, nie Parysenaars nie? Wat soek julle dan hier, wat hou julle dan julle lywe so eg asof Adam 'n Fransman was en hier in Parys gebore is?

Julle kom soek óók wat ek soek?

My reis na Parys het bitter gou afgeloop. Op dié dag toe ek ontdek het dat ek Parys met my saam karwei het na Parys.

Daar bestaan wel so 'n stad, ja, maar die meeste reisigers daarheen bereik dit nooit nie. Diep in klop sy Franse hart, eg en nugter en heel dikwels sinies en wreed, vlug en beweeglik en onder die skyn van onverskilligheid genadeloos vasberade om te bly wat hy is — Frans, Kelties, onvoorspelbaar, met kragte verborge in die geheime hoeke van sy gees, met 'n fyn aanvoeling van die lewe en lewenswaardes wat die reisiger eers te sien kry na vyf, na tien jaar verblyf as hy reeds in sy niere en murg deur Parys aangetas word as 'n siekte van oordaad. Maar ons ander, ons sien net dié Parysenaars, soos ons, wat nie borelinge is van die ewige stad nie, maar vlugteling wat die beskermende poorte van 'n vrystad soek . . .

Ons begaan die grootste misvatting as ons dink die konvensionele bestaan nie in Parys nie. Niemand steur hom aan jou en aan mekaar nie. En dis alreeds die grootste konvensie . . . wat in elke volwasse, opgevoede gemeenskap geld . . . jy gaap nie mense aan nie, maar jy gaan die aanstootlike uit die pad . . . jy my die plaag waar dit val. Jy, nuwe Parysenaar, jy was maar net in jou eie tuisdorp onvolwasse, te bewus van al jou verwante en kennisse en goeie vriende, te bang om mens te wees soos jy graag wil want . . . daar teen die bult woon tant Ralie!

O ja, dis tog goed om 'n keer na Parys te gaan. Gerus, gaan. Dis ook goed dat 'n mens soms, waar jy alleen is, al jou klere uit trek en in die helder water swem sonder belemmering, sodat jy jou hele liggaam in sy naakte skoonheid kan beskou, waar dik, wolonderklere nie die volmaaktheid van ronding en lyn van heup en dy en borskas verberg nie. Mens moet weet hoe jy lyk, al is dit dan ook dat jy agterna weer al jou dik wolgoed aantrek vir omgang met ander mense.

Daarvoor is Parys nodig. Eintlik moet elkeen hom maar kan verbeel dat hy mens alleen is op sy tuisdorp. En dan handel jy maar daarvolgens. Maar weinig van ons besit soveel verbeeldingskrag dat ons ons medemens kan wegdink, en tant Ralie is so 'n omvangryke werklikheid. Dan is dit beste dat ons onder vreemdes ingaan, waar niemand ons ken nie, en ons niemand nie. Dan hou ons konvensies werklik op om te bestaan omdat ons as bekende mens verdwyn het. En die ander mens se konvensies ken ek buitendien nie. En ook sý konvensies verloor hulle geldigheid omdat hy as bekende mens verdwyn het, en nes ek is ook hy 'n nuwe Parysenaar, reisiger na 'n land wat ons nooit bereik nie. En inderdaad is daar dan vir ons geen geldige konvensies nie.

En in hierdie vryheid, hierdie lugledigheid kom ons eie aarde onverwags te voorskyn. Geseën is dan die nuwe Paryse-naar wat die moed het om homself te herken en homself te aanvaar soos hy hom vind.

Dis die verste reis wat enige mens kan onderneem, kan onderneem sonder om ooit jou dorp te verlaat — die reis na jou eie hart. Dié reis is moeilik, oneindig, en as jy die dag sterf dan het jy nog maar skaars die eerste skof afgereis. Dis moeilik, omdat die pad toegegroei is met besembos, met graspol en ruigte waaragter jy telkens skuiling soek teen selfherkenning, begroei met rankgoed en tulpe wat jou onverwags pootjie as jy dink dat jy sommer nou-nou die eindpunt gaan haal. Dié pad gaan oor kranse en deur klowe en die vals weerklank verlok jou soos die stem van ander mense, maar net soos jy dink dat jy jou eggo nou in 'n hoek vasgekeer het en dat jy jou self eindelijk van aangesig tot aangesig sal kan sien, dan slaan die weerklank van die oorkantste kranse af terug en jou soektog na die pad begin opnuut van vooraf aan. Daar is nie so 'n ding dat jy ooit 'n deel van hierdie pad klaar aflê nie, want na elke dwaling en elke verdwaling moet jy maar weer heel voor begin, en telkens is daar maar weer ander bossies en polle wat jy nie ken nie en rankgoed en kruipgoed.

Daar is gelukkiges onder ons wat daarin slaag om dié reis af te lê sonder om die land te verlaat. Hulle kan vir jou sulke oulike stories vertel: die een vertel jou van 'n vliegtuig wat in onherbergsame klowe neerstort, buitekant bereik van alle redding. Dan skuil die skipbreukelinge in 'n grot en buitekant stoot die vloedwater op en almal word bedreig deur die dood. Hierdie dreigende dood en die verwydering van die tuisdorp af veroorsaak die verbreking van die geldigheid van alle konvensies. En nou sien jy in die verhaal hoe vyf, ses mense optree wanneer die bande van konvensies afval. 'n Ander een vertel van 'n komeet wat die aarde nader en alles met ondergang bedreig. Hoe nader die komeet, hoe groter die dood. En 'n hele stad se mense word meteens verlos van hulle konvensies. 'n Derde een vertel van 'n dorp wat deur die pes getref word en dan word alle toegange van buite af deur landgenote afgesluit. Die verdoemde dorpenaars leef met die dood, en dan verval alle konvensionele waardes. Die mense in al hierdie gevalle leef naak, ontdaan van alle aanhangsels. Hulle bereik die toestand van gewigloosheid omdat daar geen uiterlike dinge is wat die siel omlaag afrem nie. Dan sien ons mense leef waar net nog twee waardes bestaan: lewe . . . en dood, en teenoor

dié kragte die enkele mens wat deur die een bedreig word en die ander begeer. Dis die enkelvoudige lewe, gestroop van alles wat bykomstig is, en dan kom die oerdrifte uit hulle skuilhoeke en elkeen dwing volgens sy eie aard. Hierdie karakters het almal Parys bereik, sonder om in Parys te land.

En wie vertel sulke stories? Net mense wat begryp het wat hulle diepste begeertes is en weet dat elkeen van ons so iets in ons omdra en nie moed genoeg het om dit te beken nie.

Maar om daardie reis met welslae te kan aflê, moet jy realis wees, eerlik met jou self, onbevange en onbevrees. Want anders, of jy gaan en of jy bly, jou leefsdag sal jy 'n banneling bly, iemand wat gedoem is om buitekant jou tuiste te vertoef. Die meeste van ons sal maar per vliegtuig, per skip en per trein in lewende lywe moet afreis na Parys, dié een wat skrylings oor die Seine lê. Met filmkamera, met verfkwas en met pen lê ons dan allerlei beelde vas van mense en dinge wat ons daar gesien het, ervaar het, beelde van die gewaande Parys. En tuisgekom vertel ons dan met drif van die wonder van dié vrystad, en eendag, as ons oud is en sat van dae, word ons bekruipe deur 'n vae besef — 'n soort ontnugtering: Het ek goed gekyk, destyds toe ek daar in Parys was? Het ek dit buitekant my belewe of binne in my? Het ek na Parys toe gegaan of het ek Parys met my mee geneem.

Ewige stad . . . verlokking van alle beladenes . . . vrystad waar die vryheid die eerste slagoffer is . . . skim aan die einders . . . opgeëf sel wat verskuif telkens as jy meen dat jy nou sy poorte gaan betree.

En as jy saans by lamplig oor die Place de la Concorde stap met die mistige waas wat deur die nagwindjie in warrelinge saamgedryf word tot vorms wat vir jou byna lyk na Napoleon, Josephine, Lodewyk, die bloedige nag van Bartolomeus, dan weet jy met verligting dat jy skimme sien. Die verligting word gebore uit die feit dat jy ook vir tant Ralie daar op die Place de la Concorde herken het, en dan pas besef jy dat ook sý maar nog 'n faset is uit jou eie gees want hoe anders het sý in Parys beland?

En as jy dit besef, eers dan is jy bevry om Parysenaar te word. Dan weet jy vir die eerste keer in jou lewe dat die konvensie in jou woon, in jou. Dis net bande wat jy self aanvaar as bande wat jou kan bind. En vrywillige onderwerping is nie binding nie, maar verlossing uit dwang.

Sien, dit het tog waarde om Parys te besoek. In Parys . . . Boeta . . . dáár wag die vryheid!



J. VAN HAELEWYN:

*Zal ik die parabool  
nog verder naar de einder trekken  
het begrip oneindigheid  
nog koeler maken  
Zal ik in mijn hart en geest  
nog eens een god onttronen  
de dagen slijpen op getallen  
Ik denk alleen  
in grenzeloze lijnen  
Ik ben een monster  
dat zijn oorsprong  
en zijn toekomst  
heeft gemerkt  
dat goede woorden  
niet meer verteren kan  
omdat een stalen tucht  
zijn lijf doordrenkt  
Slechts één beloning  
ik weet wat zonde is:  
een ziel die woekert boven wetten  
de droom verbieden  
de einders breken.*

*Ergens blijft levend  
de afdruk van mijn ziel  
hangt in het heelal  
een spiegelbeeld  
een symmetrie  
van hart en geest  
Ik weet de stelling niet  
de regel niet  
Moet de kracht van het volmaken  
zichzelf scheppen  
Ik geef het middel  
in mijzelf niet prijs*

*Is dit de plaats voor een gebed  
is nu de tijd rijp voor een vraag*

*Mijn zinloosheid  
is het genot van goden  
mijn verstarring  
zonder meer verstarring*

*Het licht verschijnt mij toch  
en kerft in ongehouden steen  
een levend wonder  
Doffe dagen  
die thans juwelen zijn  
Kristallen beeld  
van één  
die in die modder vindt  
een groots geheim  
en met een dom gelaat  
geen rijkdom laat vermoeden  
Zie deze hand nu  
die bloedend  
met gouden stenen bouwen zal  
de tempel van het licht.*

## DE TOEKOMST VAN HET NEDERLANDS

De Nederlandssprekenden die uit nationale overtuiging aan eigen volkswaarden en cultuur gehecht zijn, vragen zich af welke toekomst hun taal in de wereld van morgen te wachten staat. Een wereld die zienderogen naar een vaster eenheid groeit en in Europa reeds over de supranationale organen beschikt, die weldra een ruime beslissingsmacht over het wel en wee van de mensheid zullen uitoefenen. Zullen de kleine en middelmatig verspreide talen zich tegen de grote, Engels, Spaans, Frans, Duits, Russisch en mogelijk Chinees kunnen handhaven of zullen zij langzaam terrein verliezen, nog enige tijd folkloristische eigenaardigheden blijven en daarna voorgoed verdwijnen?

De geschiedenis bewijst dat zulkdanige ontwikkeling mogelijk is, wanneer in een bepaalde staat de talen van de minderheden in plaats van beschermd tegengewerkt worden. Indien er niet spoedig een gunstige kentering in de toestand komt, zullen de minderheden die thans nog in Frankrijk een eigen taal spreken, Bretoenen, Basken, Katalanen, Oksitanen, Italianen, Duitsers en Vlamingen, volledig verfranst geworden zijn. Hetzelfde lot bedreigt de Basken, Katalanen en Galliciërs in Spanje en wellicht ook de Duitsers in Italië. Nochtans zal het voor de gehele mensheid een verarming betekenen als het gebeurt, want voor het Bretoens, Baskisch, Katalaans, Oksitaans en Gallicisch, zal dat de definitieve ondergang worden. Dat het nochtans anders zou kunnen wordt bewezen in Zwitserland, waar het Retoromaans, dat amper door 1% van de bevolking gesproken wordt, met de hulp van de staat een levende taal blijft.

Het Nederlandse taalgebied strekt zich in Europa over minder dan 45.000 Km<sup>2</sup> uit. Wel is het gunstig gelegen in het deltagebied van drie grote stromen, Schelde, Maas en Rijn, in een gematigde luchtstreek en op het kruispunt waar drie belangrijke economische en kulturele machten, Engeland, Frankrijk en Duitsland, elkander ontmoeten. De ligging aan zee heeft de vestiging van belangrijke havens, Rotterdam en Amsterdam in Nederland, Antwerpen in België en Duinkerke in Noord-Frankrijk tot gevolg gehad. Nog bij het begin van deze eeuw hebben de Nederlandssprekenden in Europa hoofdzakelijk landbouw, handel en zeevaart geleefd. Sedertdien is er evenwel in hun woongebied een uitgebreide en zeer gedifferentieerde

nijverheid ontstaan, die tot een volledige tewerkstelling van de beschikbare arbeidskrachten en een sterk verhoogde levensstandaard gevoerd heeft. Als wij op die economische factoren nadruk leggen, is het omdat wij er overtuigd van zijn, dat ze een onmiddellijke neerslag op de kulturele standing van een volk hebben en ook zijn nationaal bewustzijn gunstig kunnen beïnvloeden.

Einde 1960 werden er in Europa ruim 17 miljoen Nederlandsprekenden, hetzij in ronde cijfers berekend 11.500.000 in Nederland, 5.500.000 in België en 150.000 in Noord-Frankrijk of Frans-Vlaanderen. Dat is minder dan er Italianen of Polen zijn, maar meer dan Roemenen en Hongaren. De gezamenlijke bevolking van de drie Skandinavische landen, Denemarken, Noorwegen en Zweden, is kleiner. Maar een vergelijking onder die verschillende volkeren toont aan dat hun betekenis niet noodzakelijk van hun getalsterkte afhangt. Ofschoon het de helft minder inwoners heeft, legt Zweden meer gewicht in de schaal dan Polen, dat nochtans zijn overbuur aan de Oostzee is. De Benelux-landen (België, Nederland en Luxemburg), die samen ongeveer 22.000.000 zielen tellen, komen op het economische vlak beschouwd onmiddellijk na de Verenigde Staten, West-Duitsland en Groot-Brittannië, dus voor talrijke landen die een veelvoud van de Benelux-bevolking en een veel uitgestrekter grondgebied bezitten.

De materiële omstandigheden lijken voordelig voor het voortbestaan van de Nederlandse taal, hoewel ze toch ook een gevaar insluiten. Argarische volkeren die in een uithoek van de wereld een ingemuurd bestaan leiden, zijn door die afzondering beter tegen verlies van hun eigen geardeheid beschermd. De besmetting met een oppervlakkig kosmopolitisme, de kwaal waardoor de Griekse en Romeinse beschaving uitgehold werden, heeft minder vat op hen. De Nederlandssprekenden daarentegen kunnen zich niet buiten de uitdaging van de tijd opsluiten; zij moeten die uitdaging aanvaarden om ze te overwinnen.

\* \* \* \* \*

De Nederlandse taal en cultuur hebben een lang en glorieus verleden. Feitelijk is het onmogelijk de kultuurgeschiedenis van Europa te schrijven zonder over de Nederlanders en Vlamingen te spreken. Hun grote schilders Van Eyck, Brueghel, Vermeer, Rembrandt en Rubens zijn mogelijk geëvenaard, maar nooit overtroffen geworden. Als wij ons tot die vijf namen beperken, is het om de opsomming niet te overladen. Sedert de middeleeuwen tot de dag van heden hebben de

Nederlanden zoveel vooraanstaande schilders voortgebracht, dat hun doeken in alle grote musea van de wereld hangen en er soms verschillende zalen vullen. De burgerlijke en kerkelijke bouwkunst heeft in Vlaanderen, voor de 17e eeuw, een weergaloos gloriëtijdperk gekend. Nergens liggen monumentale steden als Brussel, Antwerpen, Gent, Leuven, Brugge en Ieper zo dicht bij elkander, binnen een cirkel waarvan het straal nauwelijks 70 Km meet, als dat in het Nederlands gedeelte van België het geval is.

De Nederlandse polyfonische muziek beheerst de 15e en 16e eeuw. Hugo de Groot heeft het internationaal recht gegrondvest, Spinoza het pantheïsme tot een filosofisch systeem uitgebouwd, Erasmus het humanisme ingeleid. Onder de mystische schrijvers blijft Ruusbroec een reus, wiens werk zijn betekenis behouden heeft en „De Navolging van Christus” door Thomas à Kempis ging in ontelbare uitgaven en vertalingen de wereld rond. De universiteiten van Leuven en Leiden bezitten aloude adelsbrieven, die ze in één adem met Parijs en Bologna, Oxford en Salamanca doen noemen. „Van de Vos Reynaerde”, „Beatrijs”, „Elckerlys”, Hadewijch, Vonden en Gezelle behoren tot de blijvende literatuur.

In de 17e eeuw was het Nederlands een der wereldtalen. De Zeven Provinciën strekten hun mach over Oost-Indië uit; Nederlanders namen in Zuid-Amerika en op Ceylon de Portugese koloniën over en vestigden een Nieuw-Amsterdam aan de Hudson; zij kregen vaste voet in Guyana en een deel der Antilen en stichtten aan Kaap de Goede Hoop een nederzetting waaruit Zuid-Afrika zou groeien. Tweehonderdvijftig jaar later koloniseerden de Belgen, waaronder talrijke Vlamingen waren, het stroomgebied van de Kongo en brachten er vrede en welstand. In de loop der tijden zijn bijna al die vestigingen weer verloren gegaan, maar de sporen van de Nederlandse aanwezigheid konden niet volledig uitgewist worden. Het belang van de Nederlandse taal en cultuur in het verleden versterkt haar positie tegenover de toekomst.

\* \* \* \* \*

Ook het heden lijkt niet zo ongunstig. Nederland telt zes universiteiten en verschillende hogescholen; in België bestaan twee volwaardige Nederlandstalige universiteiten (Gent en Leuven), terwijl een derde (Brussel), die tot voor enige jaren volledig Frans was, bezig is een splitsing door te voeren, zodat daar eerlang een Nederlandstalige universiteit tot stand zal komen. Sedert de stichting van de Nobelprijzen, werd die

onderscheiding negemaal aan een Nederlander en tweekeer aan een Vlaming toegekend. De Nederlandse kranten kunnen de vergelijking doorstaan met de pers uit de omringende grote landen en in België zijn de Vlaamse bladen door een ver doorgevoerde concentratie en merkwaardige verbetering van hun inhoud erin geslaagd hun oplagen zo te verhogen, dat zij uit oogpunt van verspreiding bijna de Franstalige publikaties ingehaald hebben.

Verbazend is het groot aantal boeken dat ieder jaar in het Nederlands verschijnt. In Nederland en België samen berekend komt dat op ongeveer 11.000 nieuwe uitgaven per jaar. Met dat cijfer neemt de Nederlandse uitgeverij haar plaats in bij de landen, waarvan de boekenproduktie tussen de 10.000 en 15.000 titels in het jaar ligt, namelijk de Verenigde Staten van Amerika, Frankrijk, Italië en India. De meeste boeken verschijnen in de Sovjet-Unie (43.000), Engeland, Japan en West-Duitsland (in ieder land meer dan 20.000). Uit die getallen blijkt dat er in Nederland en Vlaanderen, naar verhouding tot de bevolking, zeer veel gelezen wordt. Te meer daar de uitvoer van Nederlandse boeken uiteraard tamelijk beperkt is en slechts een klein deeltje kan bedragen van de belangrijke boekenexport die Engeland, Frankrijk en Duitsland, dankzij de internationale bekendheid van het Engels, Frans en Duits kunnen verwezenlijken.

Reden tot fierheid en vertrouwen biedt ook de groeiende belangstelling voor de Nederlandse literatuur in het buitenland. Op de jongste Buchmesse, dé wereldgebeurtenis voor uitgevers en boekhandelaars welke in september van dit jaar te Frankfurt gehouden werd, is gebleken dat de vertalingen uit de Nederlandse letterkunde (van Nederlandse en Vlaamse auteurs samen dus) nu in Duitsland onmiddellijk na het Engels en het Frans op de derde rang komen. Er werden in één jaar tijd niet minder dan 107 werken vertaald. Daardoor heeft de Nederlandse literatuur op de Duitse boekenmarkt meer betekenis dan de Russische, Italiaanse, Spaanse en Skandinavische gekregen. In andere landen gaat de belangstelling eveneens in stijgende lijn. Kenschetsend daarvoor waren het verschijnen in de loop van 1962 van een meesterlijke geschiedenis over „La Littérature Néerlandaise” door Prof. Dr. P. Brachin van de universiteit van Parijs en een Spaanse bloemlezing uit de hedendaagse Vlaamse poëzie, die te Barcelona uitgegeven werd.

Verder is het voor de uitstraling van die Nederlandse taal van groot belang, dat aan een vijftigtal universiteite in het

buiteland leerstoelen of lektoraten in de Nederlandse taal en kultuurgeschiedenis bestaan. Op 4 en 5 september 1961 werd in Den Haag, op initiatief van Dr. W. Thys, lector Nederlands aan de universiteit van Rijsel in Frans-Vlaanderen, een eerste „Colloquium van Hoogleraren en Lektoren in de Neerlandistiek aan buitenlandse Universiteiten” gehouden. De inrichters mochten zich in een onverhoopte belangstelling verheugen. Door de deelnemers werden maatregelen besproken om het onderwijs in het Nederlands in de vreemde doelmatiger te organiseren en een status van de Nederlandse professoren en lektoren in het buitenland te bekomen.

\* \* \* \* \*

Enig belang voor de instandhouding van een taal, heeft de verbondenheid die uitgeweken staatsburgers met hun land van herkomst blijven aanhouden. In de laatste halve eeuw zijn tien-duizenden Nederlanders en Vlamingen over de gehele wereld uitgezwermd. In enige landen waren zij talrijk genoeg om verenigingen op te richten, zelfs om eigen scholen te stichten en bladen uit te geven. Wat op dat gebied in Insulinde tot stand kwam, is bij de onafhankelijkheid van het land verdwenen. Hetzelfde heeft zich in Kongo voorgedaan, hoewel daar nu opnieuw pogingen in het werk gesteld worden om voor de Belgische kinderen waarvan de ouders het wensen enig Nederlands onderwijs te verwerven. In Kanada en de Verenigde Staten van Amerika, waar de Nederlanders en Vlamingen vrij talrijk zijn, bestaat een bloeiend verenigingsleven. Te Detroit wordt zelfs „De Gazette van Detroit” uitgegeven, een weekblad dat door Vlamingen in 1913 gesticht werd en sedertdien onafgebroken is blijven verschijnen. Ook in Australië is een sterke Nederlandse kolonie gevestigd, die een kulturele bedrijvigheid in de moedertaal uitoefent. Sedert de jongste wereldoorlog heeft een aanzienlijke groep Vlamingen in Argentinië een nieuw vaderland gevonden. Zij beschikken er over een kulturele en sociale organisatie en geven er het maandblad „De Schakel” uit. Vijf jaar geleden ontstond te Rome, onder de bezielende aanstuwung van de heer Louis Vandenbrande, de huidige attaché bij de Belgische Ambassade te Pretoria, een Vlaams-Nederlandse kring die intussen levenskrachtig gebleven is.

Steunpunten voor het Nederlands liggen nog steeds in Centraal- en Zuid-Amerika, waar drie eilanden in de Antillen en Suriname, de overzeese gebiedsdelen van het rijk uitmaken. Over het belang dat het Nederlands voor Zuid-Afrika en de

Nederlandssprekenden bij U opleveren hoeven wij niet uit te weiden, omdat u veel beter dan wij geplaatst bent om erover te oordelen. Toch willen wij er nog op wijzen dat door verschillende organisaties veel gedaan wordt om de betrekkingen met de uitgeweken Nederlanders en Vlamingen in stand te houden. Vooral het Algemeen Nederlands Verbond, dat in de jongste tijd een hoopgevende hernieuwing doorgemaakt heeft, verricht uitstekend werk. Op het ogenblik worden in Vlaanderen, gevolg op het kongres dat in december 1961 te Brussel door de Kultuurraad voor Vlaanderen bijeengeroepen werd, pogingen ondernomen om met toelagen van de openbare besturen een bestendig sekretariaat op te bouwen, waarvan de aktiviteit erop gericht zou zijn aan de uitgewekenen materiële hulp te verstrekken en tegelijk alle kulturele initiatieven buiten het moederland te ondersteunen. Van essentieel belang is ongetwijfeld de geest waarin de kulturele verdragen met andere staten gesloten word. Meer dan vroeger wordt daarbij aandacht besteed aan een gezonde propaganda en het onderwijs van het Nederlands. Veel dank zijn wij in Vlaanderen daarvoor aan Gevolmachtigd Minister Julien Kuypers verschuldigd.

Merkwaardig is ook dat de Nederlandse Katolieke Volkspartij in haar werkprogramma voor 1963 dat pas uitgekomen is, de versterking van de kulturele betrekkingen met Vlaanderen in België en Frans-Vlaanderen (Noord-Frankrijk) aanbeveelt.

\* \* \* \* \*

Een nadeel voor de uitstraling van de Nederlandse taal en dus voor haar behoud is het feit dat zij in drie staten gesproken wordt. In Frankrijk maken de Nederlandssprekenden zulk een klein minderheid uit, dat zij weinig of geen invloed kunnen doen gelden. In België zijn de Vlamingen gewikkeld in een strijd voor gelijkberechtiging en afbakening van hun taalgebied, die nog niet tot een rechtvaardige oplossing heeft gevoerd. Dikwijls wordt in de vreemde gedacht dat Nederlands en Vlaams twee verschillende talen zijn. Dat verzwakt in niet geringe mate het belang dat aan het Nederlands gehecht wordt. Het mogelijke wordt gedaan om die misvatting op te ruimen, maar het blijkt moeilijker vergissingen te herstellen dan ze te doen ingang vinden.

We mogen daarbij niet verzwijgen dat een deel van de gewone mensen in Nederland en Vlaanderen zich niet van die eenheid bewust zijn. Wel groeit dat bewustzijn doordat het bestendig door het onderwijs, de pers, de radio en televisie versterkt wordt. De kulturele samenwerking tussen Neder-



land, Belgisch-Vlaanderen en Frans-Vlaanderen neemt steeds vaster vormen aan en zal vanzelf sprekend tot een versterking van de positie van de Nederlandse taal in Europa leiden. Waar het erop aankomt kulturele belangen te verdedigen zullen de Nederlandse en Belgisch-Vlaamse afgevaardigden in de internationale lichamen, zoals de Europese Gemeenschap van Kolen en Staal en het Europees Parlement te Straatsburg, waar het Nederlands als officiële taal erkend wordt, tot een innige samenwerking bereid moeten zijn.

Per slot van rekening kan in het Verenigd Europa de toekomst van het Nederlands en de andere middelbare of kleine talen slechts veilig gesteld worden, als er naast de supranationale bestuurslichamen op politiek, economisch en militair gebied, ook organen voorzien zijn wier taak het is, boven alle grenzen heen, de kulturele belangen van de taalgemeenschappen te behartigen. Indien die voorwaarde vervuld wordt, lijkt het gevaar voor verdringing van het Nederlands afgeweerd.

Beslissend zal de houding van de Nederlandssprekenden zelf zijn. Uit dat oogpunt beschouwd is in Vlaanderen de intellectuele stand meer nationaal bewust dan in Nederland, maar er zijn tekenen die erop wijzen dat ook in Nederland een kentering ten goede ingetreden is. Sedert de scheiding van de Nederlanden, bekrachtigd bij het verdrag van Münster in 1648, heeft Nederland zich al te zorgvuldig in een eng staatsnationalisme teruggetrokken en te weinig belangstelling voor de andere takken van de Dietse stam, voor de Vlamingen in België en Noord-Frankrijk, alsmede voor de Zuid-Afrikanen betoond. Dat heeft zich gewroken door een vervreemding, die Nederland zelf verzwakt heeft.

Op taalgebied kwam dat tot uiting door een slordige verwaarlozing van de mogelijkheden tot nieuwschepping die in de taal zelf liggen en een gemakkelijk afstand doen van eigen oude woordenschat, om elders te ontleen wat men niet nodig had want zelf bezat. Hier zou het Nederlands voorbeeld van het Afrikaans kunnen navolgen en uit het Afrikaans woorden en uitdrukkingen overnemen, die door hun kernachtige duidelijkheid onovertroffen en bovendien uit dezelfde grondtaal ontstaan zijn.

In de jongste tijd begin in Nederland een gezond volksnationalisme te ontwaken, dat aan het geestelijk leven van de natie meer idealisme en diepgang zal schenken. Dat nationalisme is de tegenstelling van het vroegere en nog niet helemaal verzwonden imperialisme der wereldlachten; het streeft naar be-

houd en volmaking van het eigene, in eerbied voor wat het rechtmatig bezit van andere volkeren uitmaakt. De tijd ligt niet zo ver meer af dat wie door een gezond oordeel en gehechtheid aan de traditionele levenswaarden bezielde wordt, ernaar zal streven om de eenheid van de wereld op een harmonisch geordende verscheidenheid te vestigen, de enige waarborg trouwens tegen een verlamme centralisatie en de verdrukking der geringen.

MARIETTA VAN ZYL:

## SIGARET EN SIEL

### I BEGIN

*In die brokgrond staan weerloos  
die stingel met die babablaartjies.  
Onskuldig, nè?  
'n Plantjie, gewoon en alledaags,  
net so groen en volmaak soos sy maats.  
My vingers kneus die teerheid  
en ek wonder verbaas:  
wie is jy en wat is jy?  
Is dieselfde kiem in jou  
ook die kiem van my lewe?  
Tog nie. Jy is plant, en ek . . .  
En ek?  
Ek haat jou, omdat jy plant is,  
omdat ek mens is en kan dink.*

### II TABAKPLANT

*Is dit dieselfde jy  
wat ek gister gekneus het?  
Jy is so sterk vandag,  
in jouself volgroeï.  
Jy is mooi, plant,  
maar ek hou nie van jou nie.  
Kielie die spinnekop jou dan nie,  
en kyk sy ronde ogies  
nie te diep in jou nie?  
Ha, ek weet tog ook —  
die spinnekop is jou siel  
en ek is te sterk vir sy weefwerk.*

### III BLAAR

*Jy herinner my vandag aan 'n vrou.  
Jy is so mooi  
en jy ruik so lekker.  
Ek wil jou streel  
en jou heerlike warmte voel,*

maar jy breek weg onder my vingers  
en net die flarde bly.  
Aartjies, fyn aartjies,  
met die lewensbloed en -drang gestol;  
die ondergrond van die vrou  
met die dop oopgekraak.  
Minder as niks sonder die liggaam.  
En tog — en tog —  
daar is nog die aartjies . . .

#### IV FILTER

Hou jy van jou gladde wit liggaam?  
Van jou afgeronde voltooidheid?  
Verskoon my. Ek skil jou vel versigtig af  
en kyk — jou binneste val uit:  
stukkies, net stukkies  
breekblaar.  
Is dit jou siel, hierdie repies  
en repies gerolde papier.  
Is jou siel dan minder skoon as die liggaam  
dat sy vel bruin moet wees?  
Jou wit liggaam worstel teen sy vuil verset  
en sterf aan sy voete.  
Hoekom veg jy nog?  
Op die pakkie staan daar helder „Filter“.

#### V ROOI KOOL

Moenie bang wees nie.  
Hoekom bewe jy?  
Die vlam gee jou lewe  
en warmte en krag.  
Gloei saam met my,  
lang . . . diep . . . skywe . . .  
Kyk hoe vaal is die verlede,  
rooi en wit vandag.  
Tart jou filter met spot,  
vlam jou gedagtes.  
Is dit seer om te brand?  
Sê gou, want ek is ook lyf en filter,  
rooi kool en as en lewende dood.

## FRANÇOISE SAGAN:

### die ondergang van die jeunesse dorée

Françoise Sagan, die skryfster wat deur 'n groot gedeelte van die jeug van Frankryk as 'n soort James Dean vereer word, is nog geen 28 jaar oud nie. Ook sy het 'n swaar motorongeluk gehad, maar sy het dit oorleef.

Na 'n streng katolieke opvoeding kom sy aan die Sorbonne, maar sy druipt na die eerste jaar Lettere en Wysbegeerte. In twee en 'n halwe maand tik sy haar eerste roman: *Bonjour Tristesse*. Op slag is sy wêreldberoemd en . . . ryk. Twee jaar later volg *Un certain sourire* en een jaar later *Dans un mois, dans un an*. Onlangs het nog die toneelspel *Les merveilleux nuages* en *Aimez-vous Brahms* asook *Chateau en Suède* verskyn.

Toe die katoliek François Mauriac haar in *Le Figaro* uitgeskel het, het hy vergeet dat sy 'n moraliste is en dat sy nie verantwoordelik kan gestel word vir die sedes wat sy beskrywe nie. Uitdruklik het sy op 'n persoonderhoud verklaar dat sy die liefdesawonture in haar boeke nie self belewe het nie. Haar werk is glad nie pornografies nie, daarvoor hanteer sy te mees terlik die prinsipe van Jean Cocteau: *le tact dans l'audace*, *c'est de savoir jusqu'ou on peut aller trop loin*.

Buitengewoon skerp lê sy egter die nadruk op die ontredering en die morele verval van die jeunesse dorée, die ontwikkelde jeug van Frankryk in die nihilistiese-post-eksistensialistiese wêreldjie van die vyftiger jare.

Wat is volgens haar die lewensbeskouing van hierdie prinsipelose jeug, wat prinsipeloosheid tot 'n prinsipe verhef het? Oor die Godheid skryf die heldin van *Bonjour Tristesse* op bl. 187: „J'écris Dieu au lieu de hasard; mais nous ne croyions pas en Dieu. Déjà bienheureux en cette circonstance de croire au hasard”. In die boeke wat volg kom die naam van God selfs nie meer voor nie. Oor die sonde: „Je me répétais volontiers des formules lapidaires, celle d'Oscar Wilde, entre autres: 'Le péché est la seule note de couleur vive qui subsiste dans le monde moderne'. Je la faisais mienne avec une absolute conviction.”

Oor die liefde: „ . . . c'est ce qui se passe entre deux personnes qui s'aiment . . .” (*Un certain sourire*, bl. 9) maar in dieselfde boek waarvoor skryfster hierdie uitspraak van Roger

Vailand tot motto gekies het, gee sy die ontwikkeling van 'n Liebelei tot Liebe maar dan geensins in Heidenrösleinstyl.

Oor die lewe: "Vivre, au fond, c'était s'arranger pour être le plus content possible" (Un certain sourire, p. 21) en "Je vivais comme un animal" (Bonj. Tristesse, p. 188).

Wat is nou die resultaat van sodanige lewensopvattinge? Verveling en droefheid: "L'ennui Cela finirait-il jamais?" (Cert. S. p. 177) en "C'était pour chacun le même découragement, le même nuui" (Cert. S. p. 121). Ook: "Anne, Anne! Je répète ce nom très bas et très longtemps dans le noir. Quelque chose monte alors en moi que j'accueille par son nom, les yeux fermés: Bonjour Tristesse." (Bonj. T. p. 188).

Is daar nou nie 'n sprankie hoop nie? Ja tog. Daar is die figuur van Anne in Bonjour Tristesse, Françoise in Un certain sourire en Nicole in Dans un mois, dan un an. Anne glo in die waarde van die tradisionele huwelik, Françoise ook, ondanks die spot van haar man wat haar geluk slegs tot 'n "demi-bonheur" maak. Nicole ontvlug die moederskap nie.

Verder woel en wroet wroeging en gewete onder die oppervlaktes van die lewens van die oppervlakkiges soos vissies onder die kalm watervlak: "ces petites pensées glaciales et glissantes comme des poissons" (Un Cert. S. p. 16) en "Je me sens si près de ce qu'on appelle la mauvaise conscience . . ." (Bonj. T. p. 167), "Délivrée de moi-même. Sans petite voix intérieure" (Un cert. S. p. 80).

Maar dit lyk nie voldoende om die gevalle "jeunesse dorée" van Frankryk te red nie. Die kritikus Hourdin beweer dat Françoise Sagan ons om 'n antwoord vra. Dit spyt ons te moet vasstel dat dit in die jeunesse dorée, wat so deur Sartre bedwelm is, nie meer te vinde is nie. By Sartre is die Etiese "opgeskort" (Dr. P. G. W. du Plessis se proefskrif, P.U. vir C.H.O. 1962).

Die antwoord op Sagan kan alleen deur die "jeunesse engagée" gegee word. Die nuwe jeug van Frankryk wat hom in diens gestel het van die stryd vir "la survie de l'Europe et de notre civilisation blanche" soos dit heet in 'n ontroerende brief wat Johannesburg vanuit 'n Paryse tronk bereik het. Wat die ideaal ook al mag wees, hoe gering of hoe groot die mate van die opportuniteit van 'n politieke saak ook al mag wees, een ding staan vas: die Ethos het terug in die lewensbeskouing van baie Franse jongeres ingetree. Hul lewens in die katakombes van hierdie tyd is vir die toekoms van Frankryk en Europa waardevoller as dié van hulle wat "gehen im Lichte".

Tog sal ons Françoise Sagan, wat eintlik Quoirez heet, baie dankbaar wees omdat sy ons die waarheid gegee het en niks anders as die waarheid nie. En ons moet haar rekening krediteer omdat sy al die sinloosheid so sinloos vind en daarom eerlik treurig is.

Miskien eksplorieer sy ooit die jeug wat nie „dorée” is nie. “Percer un être, le découvrir, l’amener au jour . . .” (Bonjour Tristesse, p. 101) is mos haar taak. Ons volg haar, ook vanuit Afrika, omdat Europa ons groot bekommernis is.

#### B I B L I O G R A F I E :

- SAGAN, F. (Quoirez, F.) Bonjour Tristesse, roman, Paris, René Julliard, 1954.
- SAGAN, F. (Quoirez, F.) Un certain sourire, roman. Paris, René Julliard, 1956.
- SAGAN, F. (Quoirez, F.) Dans un mois, dans un an, roman. Paris, René Julliard, 1957.
- SAGAN, F. (Quoirez, F.) Les merveilleux nuages, théâtre. Paris.
- SAGAN, F. (Quoirez, F.) Aimez-vous Brahms. Paris.
- SAGAN, F. (Quoirez, F.) Château en Suède. Paris.
- DANIËLS, J. De kleine stem van Françoise Sagan, *in* Streven, Leuven, Januari 1958.
- DU PLESSIS, P. G. W. Opskorting van die etiese? — Die ontwerp van die etiese behore by M. Heidegger, K. Jaspers, J. P. Sartre en S. de Beauvoir. Proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1962.
- GOHIER-MARVIER. Bonjour Françoise. Paris, Editions du Grand Damier, 1957.
- HOURDIN, G. Françoise Sagan demande une réponse. Vert.: Françoise Sagan vraagt een antwoord. Tielt, Lannoo, 1957.
- MAURIAC, F. *in* Le Figaro. Paris. 6.6.1954.
- PRISON DE LA SANTÉ, Parys. Brief van 15.2.1962. hs.

JAC. J. BRITS:

## DIE STILLE LUISTERAAR (Monoloog)

Gee u om as ek hier langs u op die bank sit, meneer? Dankie. Ek sien die stadsbewoners maak van die geleentheid gebruik om weg te kom van alles, soos die spreekwoord sê. En wie kan hulle kwalik neem? Is die omgewing nie 'n grootse skildery nie? Die bleek lug, die traag-vallende herfsblare en die bewus-syn van vrede wat die atmosfeer skep: dit alles dui op gedurige verandering, en tog is dit die simbole van die onverganklike, die onveranderlike. Ek wonder soms of dit nie die ware rede is waarom ons die natuur soms opsoek nie: omdat dit 'n replika is van ons eie lewens.

Ek merk u is alleen. Soos u sien, ek is ook alleen. Ek is altyd alleen. Maar die eensaamheid doen geen mens ooit kwaad nie. Dis soos 'n vakansie: mens sien die lewe uit 'n ander gesigspunt. Mens leer om in jou siel te kyk, en só leer jy ander ken, want is ons eie siele nie net maar 'n weerspieëling van ons medemens se swakhede nie?

Verskoon tog dat ek dit sê, maar u lyk na iemand wat mense 'n gelukkige man sou noem. Ek bedoel nie om opdringerig te wees nie; dis 'n doodgewone observasie; u kan dit aanvaar of verwerp. U sien, meneer, mense wat gelukkig is, fascineer my. Of moet ek sê, mense wat tevrede is? Ek kon nog nooit besluit of die twee werklik dieselfde is nie. Ek sit soms vir ure en dink daaroor. Ons het almal ons persoonlike swakhede, meneer; myne is om te filosofeer. As kind het ek die bynaam van Rodin gekry. U weet, hy is die kêrel wat die denkende man gebeeldhou het. Gepas, dink u nie so nie? Die vreemdste is dat ek nog nooit daaraan gedink het of ék gelukkig is nie. My lewe was nog altyd in beslag geneem deur gedagtes oor ander se geluk of ongeluk. O aarde, nee, ek is nie 'n maatskaplike werker nie . . . ek verseker u. Ek het nie talente in daardie rigting nie. Mens moet daadkragtig wees om jou medemens maatskaplik te dien, en ek vrees ek is eerder soos 'n reier wat vir ure op sy een been staan en die wêreld verken, sonder om ooit tot enige gevolgtrekkings te kom aangaande die toestand daarvan. Om 'n voorbeeld te noem: wanneer ek iemand sien lag, dink ek onmiddellik: is hy gelukkig? en as hy is, waarom? Is geluk afhanklik van die oomblik, of is dit 'n permanente staat van ekstase?



U het seker gelyk; dit kan nooit permanent wees nie. Dis slegs in oomblikke van algehele oorgawe dat ons geluk vind . . . oomblikke soos nou. Kyk na die vaalblou skynsel van die lug. Is dit nie onoortreflik nie? En die geur wat uit die klam grond opslaan na gisteraand se reën. En die honderde mense in die park, elkeen met sy eie persoonlikheid. Dis soos wanneer mens in die oggend opstaan en deur jou venster na buite kyk. Jy voel die kontak met iets onsterfliks, en dit maak vry. Jy is plotseling intens bewus van die lewe; jy breek as 't ware uit jou persoonlike gevangenis. En tog, meneer, tog is jy nooit meer 'n enkeling as juis op daardie oomblik nie.

U sê ons almal deel die skoonheid van die natuur? Helaas, meneer, ek wens ek kon saamstem met u. Nee, die mens deel niks! Die gewaarwordinge wat die natuur in my oproep, is anders as die emosies wat dit in u opwek. Kyk vir 'n oomblik na daardie kind wat in die skaduwee speel. Dink u werklik hy deel enigiets met ons behalwe die abstrakte lewe? Sy bestaan is uniek, meneer, sy gewaarwordings is enig. Weet u, telkens wanneer ek na 'n kind kyk, is dit of ek 'n kunswerk van God aanskou, 'n kunswerk wat nog nie deur die Tyd gemerk is nie. U het seker al 'n oorspronklike skildery van een of ander meester gesien. Miskien ken u die gevoel van verwondering. Mona Lisa? Die Nagwag? Die Laaste Avondmaal? Inderdaad, meneer! Ons weet daar is net een van hulle soort, 'n unieke enkeling, die groot eensames wat die eeue trotseer het! Hoeveel meer moet die mens, as enkeling, ons ontroer!

Ek praat weer te veel. Dis 'n ou kwaal van my. U is hier om die stilte van die natuur te geniet, en ek gesels ongevraag . . . Dit is werklik vriendelik van u. Maar u moet sê wanneer ek u verveel, sal u? Gaaf; dis altyd beter om 'n verstandhouding aan te gaan. Dit maak die lewe soveel eenvoudiger.

Ja, ek kan hierdie park onthou soos dit jare gelede was, voordat ons dit met kunsmatige plantegroei probeer verbeter het. Die mens se sin vir orde gee hom 'n meerderwaardigheidskompleks, meneer — selfs wat die natuur betref. Dis dertig jaar gelede, kan u dit glo? En sedertdien het ek elke Sondag gekom, in hitte, in koue, in wind en reën. Waarom? My liewe meneer, ek het nêrens anders om te gaan nie. Dis my tuiste, my hawe. Maar maak dit saak waar ons ons bevind? Ons is altyd onself . . .

Tog, meneer, ek glo ek het alles gesien wat ek wou. Het u baie gereis? U is jonk; u kan dit nog doen. Wat myself betref, ek het die stadium bereik waar gelatenheid en aanvaarding

deugde is. In watter deel van die stad woon u? Ek merk dis 'n goeode buurt. Rykdom, so word gesê, meneer, is 'n sosiale sleutel, die poort tot sukses. En tog, is die verskil tussen ryk en arm werklik so groot? Ons eet, ons drink, ons gaan na bed en staan op; dis die sosiale struktuur waarin ons almal leef. Nee dis meer as 'n sosiale struktuur; dis die lewensstruktuur.

U is reg, mense is nie gelyk nie. Maar ons is wel ewe belangrik — potensieel gesproke, as u verstaan wat ek bedoel. Nee, ek praat nie van kunsmatige sosiale belangrikheid waar alles in terme van geld en skyngelerdheid gemeet word nie. Dis betekenisloos! Moet ek verduidelik wat ek bedoel? Die siel van die mens, meneer, het nie 'n konstante waarde nie. Dit vermeerder of verminder in waarde namate ons goed of kwaad doen. Dis die enigste skeiding wat bestaan. Sal ons sê dat denke alleen die mens verhef bo die dier? Sal ons verder gaan en konstateer dat die waarde van 'n man se siel bepaal word deur die grootheid van sy gees? A, meneer, hier raak ons voorwaar ernstige gedagtes aan. Veronderstel ons aanvaar dit, moet ons aanneem dat 'n kranksinnige man wat sy denke en daade nie kan koördineer nie, nie 'n siel het nie? En wat van 'n pasgebore kind? Ek vra u, meneer, is ons kennis van daardie groot geheime nie net maar 'n lugleegte nie? Wie weet waar wysheid ophou, en dwaasheid begin? En hoe, vra ek u, kan ons God se stem herken in die gedreun van lugskepe, in 'n eeu waar die mens, as enkeling, minder en minder belangrik word?

Toemaar, dis niks. Die asma-aanval is periodiek; ek is gewoon daaraan. Mens word aan alles gewoon, meneer; aan gemeenskap, aan eensaamheid, ja, selfs aan jouself. Miskien is dit die tragedie van die mens; sy gebondenheid aan homself, sy subjektiwiteit. Interessantsheidshalwe, sê my, meneer, het u al aan die moontlikheid gedink dat u een môre kan wakker skrik en plotseling besef u is iemand anders, 'n vreemdeling? Ek merk u glimlag. Ek erken dis verregaande, maar in ons wêreld is selfs die onmoontlike moontlik. Dis 'n kwessie van geloof — geloof so groot soos 'n mosterdsaad wat berge kan versit. A, meneer, dis die geheim!

Maar ek verveel u. Hier sit ek en verlustig my in filosofiese bespiegelings, en u, meneer, u luister uit beleefdheid. O dankie, ek waardeer die kompliment, maar u hoef dit nie te forseer nie. Ha-ha-ha, u is 'n humoris, meneer. Verbeel jou, ons almal forseer komplimente! Wel-wel, ek het lanklaas so heerlijk gelag. Wat 'n bevryding is dit nie!

Maar ons het netnou van geluk gepraat. Weet u wat my meeste tref wanneer ek mense hoor lag? Die weemoed daarin. Dis of die lag 'n uiting is van 'n dieper nood. Ek lees daarin aanvaarding, en dit, meneer, dit is die wese van die tragiese. Is die sirkusnar nie die wêreld se mees tragiese figuur nie? Sy grootmeneer-agtige bewegings, sy groteske gebare, sy bombastiese stemtoon: gryp dit u nie aan nie? Verskoon die vraag, meneer, maar het u al in die oë van 'n vrou wat liefhet, gekyk? Natuurlik, u moes. Elkeen van ons het daardie voorreg een keer. Net een keer, meneer, want jy kan daardie eerste gewaarwordinge nooit weer oproep as jy dit eenmaal verloor het nie. A, meneer, die liefde is in wese tragies en ons is die tragiese figure wat willoos deur die lewe beweeg word, soos marionette op 'n verhoog . . .

Nee, ek is nie morbied nie, liewe meneer. 'n Sin vir die tragiese verteenwoordig nie 'n pessimistiese lewensbeskouing nie. Eerder is dit 'n weemoedige geloof in die sieleadel van die mens, want u en ek bereik ons volmaaktheid alleen in gelate lyding. Het Christus sy doel dan nie eers aan die kruis bereik nie?

Ja, meneer, die liefde is inderdaad 'n uiting van weemoed, van hunkering na onsterflikheid, van soeke na die Ewige. Ons wee is dat ons te kleinlik is om ons liefde tot iets blywends te verhef.

Sal ek u 'n verhaal vertel van 'n kennis van my? Hy was 'n dokter met 'n voorbeeldige idealisme . . . 'n sosialis. U ken die soort mens; die moderne wêreld is vol daarvan. Hulle glo aan die mens se stoflike welvaart, maar verloën sy individualiteit.

Ek wonder of u die ironie van so 'n uitkyk op die lewe raakgesien het? Het u al daaraan gedink dat die man wat sosialisme die meeste propageer dikwels ook die rykste is? Hy roem daarop dat Christus 'n sosialis was — ja, meneer, Christus word nie alleen gekruisig nie; Hy word ook beledig — maar vra hierdie man om, soos Christus eis, sy besittings aan die armes te gee, en hy trek kop in soos 'n skilpad wat gevaar merk. En die gevolg? Helaas, meneer, edelheid van droom en doel is nie genoeg nie. Sosialisme is onrealisties, of laat ons liever sê dit word onrealisties gemaak deur die mens se selfsug en halfhartigheid. En eindelik word dit 'n droom, 'n veraf hunkering wat sowel die materiële armoediges as die armes van gees inspireer. Waartoe, meneer? Ek vra u, waartoe? Tot opoffering? Tot deernis jeens 'n lydende mensdom? Nee, helaas, meneer, tot persoonlike rykdom en gemak! Want die mens wil net gelyk

wees aan iemand wat hoër is as hyself, en as hy dit bereik het, hoe relatief ook al, propageer hy nie meer gelykheid nie, maar opheffing — en dank God soos die fariseer dat hyself nie opheffing nodig het nie. A, meneer, ons lewe inderdaad in 'n wêreld waar almal van liefde praat en elkeen dit verloën! Maar laat ons nie oordeel nie. Met die oordeel waarmee ons oordeel sal ons geoordeel word . . .

Om voort te gaan met die verhaal: hierdie dokter se vrou is een oggend dood aangetref. Hy het haar doodgeskiet. Dit blyk toe dat sy 'n minnaar aangehou het. Seks is 'n vreemde spel, meneer, en die vrou is God se ingewikkeldste skepping. Terloops, het dit u opgeval dat Christus die fariseers en soortgelykes dikwels beledig het, maar dat sy houding teenoor vroue altyd onberispelik was? Hy spreek 'n vrou vry van owerspel. Hy vind genot in Maria en haar suster se kookkuns, Hy is ontroer wanneer 'n moeder haar enigste seun aan die dood afgee. Hy is getref deur 'n vrou se opoffering by die skatkis . . . og, daar is talle voorbeelde . . . !

Dit daar gelaat. Ek wou iets oor die begrafnis opmerk. Die skare wat die lykstoet gevolg het, meneer, was nie die gewone nie. Mense wat 'n gewelddadige dood sterf, word 'n nuusitem, 'n voorwerp van misterie, asof die dood in grade gemeet kan word en in betekenis toeneem na gelang van die posisie van die gestorwene en die omstandighede van sy of haar dood . . .

Maar ek dwaal te veel af. Ek raak werklik meer en meer verstrooid elke dag. Ek weet nie waar dit sal eindig nie. Ek is eenvoudig nie in staat om my aandag by een onderwerp te bepaal nie. Met u verlof sal ek voortgaan.

Sy verhaal, meneer, is die gewone. Hy het haar één aand na 'n agterstraat gevolg en gesien hoe sy haar minnaar ontmoet. Maar nou moet ek u iets vertel wat u nie sal glo nie. Weet u waarvan hy bewus was toe hy deur die venster na binne kyk? Nie van sy vrou wat op daardie oomblik besig was om haar liggaam aan 'n ander man te gee nie. Kan u dit glo, meneer, hy het skape hoor blêr! Natuurlik was daar nie skape naby nie. Die stadsbewoners sluit die natuur uit soos 'n dief. Dit herinner hom aan wat hy verloor het, en hy wil nie herinner wees nie. Hy wil die illusie van sy hoër ontwikkeling behou. U sien dus, meneer, daar kón nie skape naby gewees het nie. Dit was net sy gees wat gerebelleer het teen die werklikheid. Hy moes 'n plaasvervanger vir die naakte werklikheid soek, en die verlede, meneer — in hierdie geval sy jeug op die

plaas — is een eindpool van ontvlugting. Dis 'n droom wat verbygegaan het, en ons kan daarvoor peins sonder die vrees dat dit vervulling sal eis. Ons kan dit vasgryp sonder die angs dat die werklikheid dit sal verloën.

Ek het myself dikwels afgevra: wat het hy dan gesoek? Sekerheid? Maar is dit nie juis onsekerheid wat hy verwag het nie? Het hy nie besef dat as hy die waarheid met sy eie oë sien, die toekoms 'n aaneenskakeling van onsekerhede sal wees nie. A, die mens is 'n vreemde skepsel, meneer. Hy móét sekerheid hê. Hy is selfs gewillig om gedurende politieke verkiesings vir 'n dag lank in onsekerheid te leef, omdat hy hoop dat môre 'n nuwe sekerheid sal bring . . .

Die koue herfswindjie is weer hier. Kan u die teer stuwung daarvan voel? Môre-oormôre sal die winter hier wees, en ons sal verlang na gister se son en hoop op volgende jaar se somer. Waarom is dit dat die winter ons altyd herinner aan die dood? Omdat dit ons eensaam laat voel? Maar wat is eensaamheid, meneer? Is dit ontvlugting, of is dit soeke? Sal ons ooit weet? Wie weet, miskien eendag in die dood wanneer ons enkelingskap aan ons teruggegee word. Begryp u wat ek sê? Ek praat soms onsamehangend, u moet my verskoon. My gedagtes is soos herfsblare. Mense vertrap dit sonder om die skoonheid daarvan raak te sien. Waar was ek? Ja . . . by ons enkelingskap en die dood, daardie onselfsugtige bevryder uit ons eng bestaan. Sê my, meneer, stem u nie saam dat die geboorte en dood van 'n man sy hoogste oomblikke is nie? Is hy nie in daardie twee momente uniek, 'n individu, 'n aparte identiteit nie? Waarom is ons dan bang vir die dood? Hoe kan dit in wese tragies wees as dit ons terugvoer na individualiteit, na selfkennis, na hoër bewustheid? Want wat is die dood anders as 'n dieper werklikheid wat ons herinner aan ons ingebore enkelingskap? A, dierbare meneer, niemand kan in ons plek gebore word nie, en niemand kan in ons plek sterwe nie. Dit is ons triomf, maar dis ook ons eensaamheid. Dink vir 'n oomblik daaraan: is daar werklik 'n verskil tussen lewe en dood? Is dit nie net maar 'n graad van bewustheid nie? Is ons almal nie dood vir sekere dinge in die lewe nie, en sal ons nie, as God ons begenadig, na ons dood vir 'n geliefde bly lewe nie? Elke individu se lewe is so 'n klein brokstukkie, meneer, 'n atoom, alleen sienlik met God se mikroskoop.

Wil u die verhaal van die dokter verder hoor? U is 'n geduldige man, liewe vriend. Verskoon my dat ek u so aanspreek. Ek voel gebonde . . . nee, ek het my verkeerd uitgedruk; ek

voel eerder afhanklik van u . . . soos 'n skrywer afhanklik is van sy lesers. Dankie, baie dankie, ek waardeer u opregtheid. Dis so selde . . .

Maar u wag vir my om voort te gaan. Hierdie man, meneer, was gebonde aan homself. Ek weet wat u dink. U dink hy kon losbreek en in die waan leef dat niks verander het nie, dat Anna, sy vrou, die volgende oggend langs hom sou wakker word, en . . . Nee, meneer, hy het nie 'n keuse gehad nie! Hy was nie vry om te gaan of te bly nie. Hy was daar, 'n stadig-sterwende mens: dit was die werklikheid, dit was die wese van sy bestaan op daardie oomblik. U sien, my vriend, die tragiese figuur het 'n ingebore drang om homself te vernietig. Die illusie waarin ons leef, is 'n gedurige herskepping van 'n doodgebore droom. Ons tragedie word werklikheid op daardie oomblik dat ons ons illusies verloor.

Ja, hy het haar dieselfde aand vermoor. Die regter het gesê dis 'n drifsmoord, en was oortuig dat vyf jaar in die gevangenis genoeg kompensasie is vir die dokter se noodlottige uitbarsting van emosie. Sal u my glo, meneer, as ek u vertel dat die bewaarders hom spesiale gunste bewys het? Waarom? A, meneer, ons is almal potensiële moordenaars. Nee, ons is meer. Ons is te lafhartig om wraak te neem op onregte en vermeende onregte, sodat ons 'n sondebok moet vind om ons skuld te vereffen. Ja, meneer, Christus word inderdaad oor en oor gekruisig.

A, dis 'n tragiese verhaal, en hý, die tragiese figuur, die held, die man wat die moed van sy oortuigings gehad het, hy was die alfa en die omega, die begin, die ontwikkeling, die klimaks en die ontknoping daarvan. Telkens wanneer 'n bewaarder vriendelik geglimlag het, het hy sy daad herleef, totdat die daad nie meer vreemd aan sy karakter was nie. Hy het die daad self geword. Hy kon homself nie meer daarsonder herken nie.

Dit, meneer, is wat ons selfverwesenliking noem: om ons te wreek op wat ons nie aanstaan nie. Kortom, om te doen wat ons wil. Ons streef na selfvervulling, na groei, en in die proses verloor ons die eenvoud, die selfloosheid. Ons hou daarvan om onself as gesofistikeerd te beskryf, ons maak ons smaak onderhewig aan wette en vooroordele, en lewe met die hulp van die Bose, in die genadige illusie van ons menslike regte en waardigheid. Of ons preek soos 'n priester oor die grootheid van God sonder om ons eie kleinlikheid raak te sien. Dis 'n stukkie tragiese ironie, meneer, dat ons al so blind geword het

dat wanneer ons van God se grootheid praat, ons eintlik na onself verwys. U glimlag, meneer, maar dit, lyk dit my, is die triomf van ons menslike strewe: illusie! Ons wandel deur die lewe geblinddoek soos 'n perd in 'n stiergeveg, en ons neem deel aan die moord op die bul sonder om daarvan bewus te wees.

Sê my, meneer, as u vyf jaar in die gevangenis moes deurbring, waarna sou u die meeste verlang? Vryheid? A, meneer, baie misdade is al gepleeg in die naam van daardie koningin! Kan ons anders as om onself af te vra wat vryheid eintlik is? Is mens vry as jy toegelaat word om soos ander te handel, om een van die massa te word? Is dit 'n soort pand wat die gemeenskap aan jou gee as vrug van demokrasie, daardie nooitvolprese doringkroon van menslike waardigheid? Nee, meneer, vryheid is die vermoë om jouself te vind in die doolhof van jou eie verwarring. Want al waarvan mens in die tronk bewus is, is die oorweldigende besef van jare wat onherroepelik verbygaan. En dit maak jou stom. Jy is tegelyk minder mens, omdat daar 'n leegte is, en méér mens, omdat jy leer wat gelate lyding is, totdat jy eendag plotseling besef dat jy die gelatenheid aanvaar het as deel van jou bestaan. Nee, meer nog: as wese, as middelpunt!

U noem my 'n mistikus? Hoe vreemd! Elke mens is in wese 'n mistikus, liewe meneer, want ons almal soek na God. U ook, ja, u ook, meneer. Waarom het u vandag na die park gekom? U kon gemeenskap gehad het met een of ander vriend. Maar u het die park verkies. U het die eensaamheid gekies, stilte om alleen te wees met u self, om die ware self te soek. En wat, vra ek u, wat is God anders as eensaamheid?

Ek kan sien u is verbaas dat ek so dikwels van die eensaamheid praat. U vind dit vreemd? Die mens, meneer, is 'n gemeenskapsdier, maar hy is dit onder dwang. Sy skynbare gemeenskap met sy medemens, is slegs 'n sluier wat hy oor sy ingebore eensaamheid trek. Dít . . . dit is die wese van die tragiese: dat die mens in tye van lyding voor homself te staan kom en plotseling bewus word van homself. Die kudde-instink waarvan u praat, wat is dit anders as 'n uiting van onrus, 'n kreet na sekerheid? Begryp u, dit is ons illusie; daaruit spruit ons twyfel oor onself. Maar wat is twyfel anders as soeke na Lig? Só . . . so word die mens se ontvlugting dan eindelik 'n onrus, 'n onsterflike hunkering na God . . .

Verskoon my, die asma is soms erg. Maar ons is almal onderhewig aan een of ander kwaal, is ons nie? Ek dink soms . . . verskoon my, ek sal 'n oomblik móét swyg en diep asemhaal.

Is die lug nie goddelik nie! Nee, dankie, hoesmiddels maak dit net erger, maar dis vriendelik van u. So ja, die benoudheid is verby . . . ek kan weer vry asemhaal. Sien u, die natuur genees altyd — met 'n bietjie gesonde verstand van ons kant. Is dit nie vreemd dat ons dit gedurig wil verander nie? Die natuur, bedoel ek. U het gelyk, ons dink ons weet beter. Maar u sal saamstem, dis menslik genoeg. Die wêreld word nou maar een maal regeer deur beteweterigheid en selftevredenheid, en glo my, dit lei so maklik tot 'n gebrek aan logika. Daar is werklik geen perke hieraan nie. Het u, byvoorbeeld, opgelet hoedat letterkundige kritici vryelik uit die geskifte van hulle kollegas aanhaal, maar 'n arme skrywer in dieselfde asem van beïnvloeding beskuldig? Sal ons verdere voorbeelde noem? Neem die humanis. Hy trek te velde teen die doodvonnis op grond daarvan dat dit nie 'n afskrikmiddel is nie, maar hy vergeet dat gevangenisstraf ook nie mense van misdade weerhou nie. Vra hom of dit afgeskaf moet word, en hy twyfel aan jou verstand! Hy dink blykbaar ook dat dertig jaar in 'n sel mensliker is as 'n paar minute op die skag, en dat 'n moordenaar se slagoffer minder reg het op menslikheid as die moordenaar self. A, meneer, die mensdom is 'n raaisel wat ons, dank die hemel, oomblikke van humor verskaf.

Ekskuus? U sê ek praat met die vuur van 'n sosialis? O aarde, u skok my. Praat ek werklik soos een? Moenie vergeet nie, 'n sosialis se woordeskat moet beslis sekere woorde en begrippe insluit. U ken dit so goed soos ek: menseregte, klasseverskille . . . sosiale onreg en dies meer. Nee, ek kon eerlikwaar nog nooit tot die wese van sulke begrippe deurdring nie. Dis werklik te verwarrend vir my om te verstaan. Een man glo aan die waardigheid van die mens — wat dit ook al behels — en hy noem homself 'n humanis; die ander man glo presies dieselfde, met 'n variasie om die kleur te gee, en word as 'n sosialis geadverteer. Noem die naam van enige kunstenaar en tien teen een is hy 'n opbetaalde lid van een van die twee groepe. Dit lyk my mense dink hulle moet juis 'n verbintenis aangaan met een of ander dogma om hoegenaamd van nut te wees. Niemand is meer tevrede om net 'n godgeskape enkeling te wees nie. Ek vra u, liewe meneer, is 'n kunstenaar dan nie onherroepelik verbonde aan die lewe nie? En is dit nie daardie verbintenis, en dit alleen, wat universele waarde aan sy werk gee nie?

U is moeg om na my te luister. Nee, u hoef dit nie te ontken nie, ek kan dit sien. Ek praat te veel . . . As ek u verveel het, vra ek nederig om verskoning. Mense luister nie dikwels na my



nie. Ek is soos Johannes, die Doper: 'n stem roepende in die woestyn. Maar vir wie maak ek die pad reguit? A meneer, dis die vraag. Maar wat maak dit saak? Is soeke na lig nie skoonheid nie? En is die droom nie 'n hoër, volmaakter werklikheid nie?

Ek sien die aand het ons betrek. Netnou sal die park leeg wees, met net hier en daar 'n enkeling wat nog vertoef omdat hy geen ware tuiste het nie. En die nag sal kom met sy onsigbare hoop.

Of u my weer sal sien? Volgende Sondag? Wie weet, meneer, wie weet? Ek moet my outobiografie skryf? Ha-ha-ha! Werklik, meneer, u is 'n gebore humoris. Ek het lanklaas so baie gelag soos vandag. Nee, ek vrees ek sal u moet teleurstel. Dis nie vir my soort bedoel nie. U sien, die probleem is dat 'n outobiografie nooit die volle waarheid kan wees nie. En dit, liewe meneer, het ons te danke aan die konflik tussen die mens se selfgeldingsdrang en sy selfbeskermingsdrang. Sien u, die natuur het sy eie metode om ons van verleentheid te vrywaar. Of is dit ons veelgeroemde menslike waardigheid wat weer die oorhand kry?

Die dokter? Sy verhaal gaan voort, meneer. Dis die verhaal van u en my, van die ganse mensdom. Dit het nie 'n einde nie . . .

ANDRIES ALBERTS:

## ADAMASTOR EN ATLANTINA

(Aan die Portugese digter Camoins ontleen)

### 1

*Die woeste suiderland, nog onbewoon,  
geteister deur suidooste wind se storm,  
word onverwags tot stille wonderskoon  
uit vlakke, rots en oerwoud omgevorm.  
Sterk Adamastor, Tafelberg se leeu,  
lê soos 'n lam getem, opreg betower.  
Alleen sweef oor die baai 'n blanke meeu.  
Sy het hom met haar vleuelslag betower.  
„Ek het jou lief!” suis luidkeels op die winde  
die hartstog van die Stormkaap se gees:  
„Kom, wees my koningin, my teer-bemide!”  
Sy sing: „Nee, meisies wil mos moeders wees;  
maar jy is rots se gees, geen vlees. Jy weet  
jy wek die storms op, verpletter wreed.*

### 2

*Weldra deurrui 'n tweestem hierdie lande:  
'n snaar wat sing van ja, en een van nee,  
verstrengel in die musikant se hande.  
Die lied was een, al was die monde twee.  
Gedagtes: sterk, opreg en onvervals,  
gevoelens: teer, gesuiwer en verfyn,  
weerklink uit rots en see en wolk en al.  
Beskawing het uit twee-syn hier verskyn.  
Daar's mannekrag om oerwoud te beskaaf,  
naas vroueswier om stede te versier.  
Hier's denkerskap wat reg en dade staaf,  
langs taal wat met musiek oorwinning vier.  
Deur elke skemeraand se liefdesdrijf  
word in kultuur 'n stempel ingegrif.*

### 3

*„Ag, wie is u en waarom is u hier?”  
vra sy haar gasheer; wonder in verwagting.  
„Aartsengel van swart Pluto, God van Nag  
en Bygeloof, nou soos 'n wilde dier  
gevonnis om te sterwe van versmagting.*

*Dis straf vir weldaad aan die mensgeslag.  
Gedurig moes ek deur die oernag dwaal,  
my pad soek deur die chaos, see en berg,  
waar seekat-engele my byt en terg.  
Eens vind ek hier kompasmagneet se staal,  
en skenk my naald toe aan die mensdom ook,  
wat daarmee dwarsdeur nag en mis en rook  
die bygeloof verdryf — oor perk en paal.  
Toe's ek gekruisig, aan die rots genaël."*

4

*„Maar u verwoes met storms juis die skepies  
van manne met die sedelike wete,  
wat lig versprei en veg teen duisternis!  
U klap hul seiltjies net soos kinderswepies;  
straf hul met skeurbuik en met afgrond-krete.  
Dien u god Nag ook in gevangenis?"  
vra Atlantina, prinses en nagtegaal  
van donker Afrika, wat melodieë  
uit moederliefde en sieleskoonheid haal.  
Gou antwoord Adamastor: „Teorieë  
van Chaosland word konsekwent gevorm.  
My noodlot is: my lewe self is storm.  
Dus moet ek sterf en oorgee aan die nag,  
of vriende teister met my wangedrag.*

5

*„En tog, almagtigheid het Pluto nie.  
Ons kan 'n ryk van wetenskap hier stig,  
met wysbegeerte hierdie land verlig.  
En pleks van warboel heers dan harmonie.  
Al wat hier nodig is, is blanke spiere,  
wat self kan wil en werk, kan pik en plant;  
en blanke breine wat met hart en niere  
strydvaardig staan aan waarheidsdrang se kant.  
Dan mag ek teen die swarte magte storm,  
inlewe in my vryheidstryderstaak;  
en mag jy meet aan hemelhoë norm  
wat liefde en trou aan heldedaadkrag maak.  
Die erwe mag ons aan ons kinders laat:  
'n geestelik en stoflik blanke staat.*

6

*„'n Entjie noord baljaar demone.*

*Hul hel wat lewe ondermyn,  
bedreig gedurigdeur jou skone.  
Ons dag is kort, ons ligkruin klein.  
Die negatiewe niebestaande  
skimwerklikheid vertroebel al  
die skemering van sangkunsaaude.  
Hul taan net soos 'n droompie val.  
Hy pleeg sy selfverraad te kranig,  
wat meen dat ledigheid en mag  
wat sonder swoegsweert op hom wag,  
berus op regte as sodanig.  
Die lewe het net werk geërwe.  
Dis dink of dood, en skep of sterwe!*

7

*„Die Kaap van Goeie Hoop  
bied hoop alleen vir hom  
wat met die doel hier kom  
om dit met sweet te koop.  
Geen god, geen goud, geen bloed  
geen vel se kleur is goed  
genoeg vir hierdie prys nie;  
of geld as troubewys nie.  
Vloei bloed nie weg in sand nie?  
Geen wet hou ewig stand nie.  
Gaan elke dag opnuut  
met eie werk-debuut  
die toekoms tegemoet,  
en maak die hoop dus goed.”*

8

*Ai, hoor hoe Atlantina skater:  
„gagá-giegié, gagá-giegié!  
Jou erns is komieklik, Pater!  
wil jy nie predikant word nie?  
Vir wie werk dan die see se golwe,  
die woud se wildevrugtebome,  
as ék nou in die klei moet dolwe,  
en sweet moet inbreek op my drome?  
Die grond is geil en onbeperk;  
dra blom en bloeisel, koring, wyne!  
Miljoene slawe bedel werk,*

*en vroetel in juwele-myne.  
My hart wil speel, my vere pronk.  
My land, my lag, my lyf is jonk!"*

9

*Twee drange wandel op die strand, soos mense;  
en hand aan hand, al jubelende, dans hul;  
oorskrei hul selfbeheersingsleer se grense.  
Blitsig swiepend oor die golfies, glans hul.  
twee blink vulkaantjies in die sonneskyf.  
Bo-op die kruin van een besond're rots  
waarteen die oseaan se swaarste golwe klots,  
skuif hy sy hand eerbiedig om haar lyf.  
Bokant sy reuse-armspiere swel  
onaangeraak, die jonkvrouborstepaar,  
en uit die blou basaltlaag opgewel,  
kom weer sy liefdesbieg, dié godsgebaar.  
Helaas! Dis toe wat Atlantina fluister:  
„Jy sal in ewigheid na nee moet luister . . .”*

10

*Haar weiering hou vol. Sy klipsiel brand  
en dit herhaal: „Ek het jou waarlik lief!”  
Die seergevreesde prins van Suiderland  
smeek nederig: „Wees grootgeestig, asseblief!”  
Dan klap en kwaak 'n witboskraai om haar,  
en voordat Adamastor kan verstaan,  
begin voorwaar die ongelyke paar  
'n nessie bou; hul tentjie op te slaan.  
Verneder en ontnugter, stom van skande,  
verstil, verstik die rotsgees in sy kerker,  
totdat geluk se lied, die klankverwerker,  
haar moedervreug verkondig oor die strande.  
Hy hoor haar sang en dink: Het sy vergeet  
ek wek die storms op, verpletter wreed?*

11

*Sy rou teleurstelling deurdrenk die winde  
en spoedig haal sy mymering haar oor:  
„Ek het jou lief, onsterflik lief, Beminde!”  
Maar skrikbevange glo sy dat sy hoor:  
iets van 'n egte ridderseed gebieg.  
Dan val sy op haar knieë, bid en smag  
dat God sy wrede rotshart mag versag;*

want weerloos lê haar telgie in die wieg.  
Nog nooit was Stormkaap so kalm nie,  
het suiderwind so lank getalm nie;  
want Adamastor skenk vergiffenis.  
Of sý vergeef, bly haar geheimenis.  
Nou sonder storming, sou sy wese kwyn;  
sy sterke siel in stilligheid verdwyn . . .

12

Maar meeu en kraai sou weer en weer bemin;  
in losse vals baaisand hul nessies skop.  
Hul bou 'n hoë aardse huisgesin  
in weelde, rykdom en gemaksug op.  
Diep uit die riwwe styg die skatte omhoog  
en uit die lug waar seënvlae dryf,  
span 'n musiekgekleurde reënboog  
oor vaders trots en moedersorge styf.  
Tog nie vir ewig nie. Die meeu verlang  
weer Noordland toe. Selsinnig soos 'n kraai  
kleef haar geliefde aan die Tafelbaai.  
Intens geluk deur skeidingsmart vervang,  
verryk dié wonderskone mengeling —  
'n droom — vir ewig die herinnering.

A. J. J. VISSER:

## DIE INTOG

*Toe die menigtes hul hulde bring,  
was Hy soos in 'n droom alleen.  
Toe hul hosanna skreeu en sing,  
het Hy oor hulle en Jerusalem geweën:*

*Hy hoor in hul handeklap en sang  
die bitter nag wat knop en blom  
in Getsemané en later windskeef hang  
in hul monde: „Kruisig, kruisig Hom.”*

*Hy weet dat kledingstuk en palmblaar  
sal opvou by die straat se eerste hoek,  
want hul sal vlug, oor seë vaar  
om ewig riet en dorings vir 'n kroon te soek.*

*Elke voetstap bring 'n wyer vergesig  
van torings, grense, vreemde lande  
waar dié volk vergeefs vir sy gewete vlug  
en met water was die taai skuld van sy hande.*

*En eindelijk swem die aarde, 'n reuse vis  
in die waters van Sy oog verby.  
Maar nêrens waar die stadjie nou hul heelal is,  
kan hy 'n stippel op die aardkors kry.*

*En bid: Laat My en ook die landstreek sterf  
deur hul, as dit U wil is, nou,  
dat U in hul na eeue van dakloos swerf  
'n nuwe, blink Jerusalem kan bou.*

## GEVANGE VOËL

*Tussen duif en papegaai  
verberg hy sy verdriet  
oor verlore kreupelhout en assegaai  
in die skede van sy lied*

*en reken niemand iets ten kwade.  
Want al klem die taaier mag  
van sirkels roesbruin drade  
om die kou van elke dag,*

*bly hy nog verbonde aan die lug  
wat drywe in sy oog se blou;  
aan sterre en die suiwer vlug  
wat brûe tussen stelsels bou.*



EDWIN DE KOCK:

## BESETENHEID

*My naam is Legio. Verbete geslagte  
stap deur my wanneer die nagwind klop,  
asof die donker dak moet wegskarnier,  
of as die oopgeblomde dae pryk,  
so graskortstondig, en die mense gons  
in hierdie eeu se blink onsteltenis.  
Drie honderd jaar lê in die brein begrawe,  
maar staan weer op wanneer die drijfde woed  
langs 'n hart gevorm soos ons somber kus.  
Die spier en brein wat telkens, tydbedwelm,  
die uur tot onbekende dade smee,  
is trekker of matroos wat gunter roer  
aan seiltou of vergange wa se briek  
om koers en kantel ferm te beveel.  
Maar as hul dooie haat my liefde bind  
en meer as rede bloed laat skril om bloed,  
dan vrees ek hierdie rooi besetenheid.*

## HERINNERING

*Ek dink vandag in hierdie reëngeluikte huis  
aan die blonde glinstering van 'n dag  
toe die krulkopson 'n knapie was  
in daardie toegedrade tuin, my hart,  
nog onversper, soos lente.  
Mooi het die langbeenwind wat fluit en loop  
met breë hale soos begeerte  
sy groen koers gevat,  
geklouter deur die bloutes en die bome  
en rats oor biesiebaard van lip tot lip  
by die daaglikse rivier gespring.  
En dié was fluistering en sprokie,  
'n wit pad, oop, vir die maan — O moeder!  
na die groue mite, klop en wêreldkrans,  
van die verre vasgeboeide, spartelende see.  
Maar kleuterson, die seun wat hol — my wind —  
en plotselinge liefde van lang rivier en glinster  
is opgelos in skottels van die koue, en verstort  
in myllang trane, 'n verdriet wat blink soos reën.*

## STADIUMS

*Kom hoor die dakgeroggel van die wind —  
wind, kind, verslind.*

*Daar word galop oor Kaapse vlaktes van die hart:  
die Erlkoning kom geswind.*

*Die uur versplinter in die blonde reën —  
reën, ween, alleen.*

*Stellenbosch se eikeblare groei soos smart,  
al val die jare een vir een.*

*Die dae word bros soos songebarste grond —  
grond, mond, verklont.*

*Die jare hier in Ladysmith verstik die hart:  
jy dra dit soos 'n grafsteen rond.*

## VOLMAAN

*Die maan se druppende silwerkwas lek sag  
oor pankophuise met die strak gesigte  
wat glasoo lang die straat, ons lewe, staar.  
Dit stryk oor die getande, skerp gedagtes —  
ratwerk van die eeu — en in die bome  
hang 'n glinstering soos stil, blink vuur  
en spatsels aan wit hingste van die see,  
waar iets aanhoudend soos 'n hartslag klop.  
Die stuurse wêreld, sierlik jonkgeverf,  
herwin haar outydse betowering,  
wat liefde en die hart opnuut laat glim  
voor skaduwees weer skelle rimpels trek.*

## 'N OOG VIR 'N OOG

*The magic spring who conferred on those who tasted it the powers of poetry and prophecy, was guarded by a giant in a deep mountain cave.*

*Odin longed for its gifts, but when he asked the guardian if he might be allowed to drink of the spring, the God was told, "The price is your right eye."*

(Uit: *The Eddas*)

Een van ons toonaangewende literatore het eenkeer in 'n lesing voor studente gehou, die bewering gemaak dat die digter nie 'n mens is wat daar bo in die lug rondsweef nie, maar met al twee sy voete vas op die aarde staan. Wat hy pertinent onder die aandag wou bring, is die gedagte dat 'n digter nie 'n soort kluisenaarskreef is wat in isolement lewe nie, maar in noue aanraking met die werklikheid staan. Myns insiens het hy hier net 'n halwe waarheid verkondig.

Ons ken twee wêrelde: die een buite ons wat uit materie bestaan; die ander een binne ons wat uit ons subjektiewe bewewings gekreëer is. Hierdie twee wêrelde is nie deur markante lyne skeidbaar nie, maar is isoklinies verbind met mekaar. Daar is gedurig 'n wisselwerking tussen liggaam en gees, tussen die objektiewe en subjektiewe. Om hierdie rede wil ek die bewering, soos hier bo gestel, heelwat krasser uitdruk nl. dat die digter figuurlik in die een oog met blindheid geslaan is sodat hy dieper en helderder in daardie wêreld kan afkyk wat Freud vir die eerste keer die *Onderbewussyn* genoem het, terwyl hy met die ander oog die wêreld daar buite hom feller kan waarneem wat dan prikkelend op die onderbewussyn moet inwerk waar die bron van inspirasie verborge lê. Ek meen N. P. van Wyk Louw spreek min of meer dieselfde gedagte in die volgende woorde uit:

*Maar toe die vrees gewaai het van my oë  
het alles nuut gestaan, van vreemde smart  
deuraar en diep verblind deur alle tyd.*

(*Aanraking met die Dood*, uit: *Die Halwe Kring*)

In hierdie verband werp die mites heelwat lig op die saak. Om die towerdrank te bekom wat hom die gawes van 'n digter en profeet sou skenk, moes die god Odin sy regteroog aan die reus betaal wat die bron bewaak het. Die gewone feeverhaaltjies bevat dieper waarhede as wat die oppervlakkige

leser besef. Daar is bv. die verhaaltjie van Aspoestertjie wat voor die koue vuurherd weggevoer word om uiteindelik met 'n prins te trou; of die dogtertjie wat deur die stiefmoeder die donker put afgestamp word, maar, omdat sy die bewonertjies daar onder goed gesind is, word sy na die lig teruggelei, en haar beloning is die gawe van 'n goue spraak. Op hierdie vertellinkie is daar verskillende variasies: dikwels raak sy verlore in 'n donker woud en sy word dan deur die een of ander dier begunstig. Koue vuurherd, donker woud of put is slegs sinnebeeldig van dié dinge wat in ons onderbewussyn verborge lê.

Die reis wat 'n digter na die onbekende diepte neem, is nie altyd veilig nie; dikwels raak hy daar verstrik en gevolglik kan hy aan 'n ongeneeslike neurosis ly, maar Odin en die karakters in die feeverhaaltjies het die reis gewaag en veilig teruggekeer. Ten spyte van die gevaar daaraan verbonde is dit tog maar die enigste manier waarop die mens, en veral die digter, harmonie tussen die twee wêrelde kan vind.

Indien 'n digter nie gewillig is om te waag en die tol te betaal nie, bly hy bogronds beweeg; hom ontbreek daardie innerlike visie; hy het nie die ondervinding van die god Odin nie. Hy bly net eenvoudig 'n verslaggewer en loop verder gevaar om deur die realiteit verswelg te word. Maar aan die ander kant, as die digter nie die ewewig tussen die twee wêrelde behou nie, sal sy werk of blote rympies wees of fantasties van aard. Teenstellend sal die ware digter aan dié dinge wat hy daar onder gevind het, by die lig van sy eie wete, 'n nuwe gedaante gee; sy verse sal 'n misterieuse betekenis bevat wat in elke mens teenwoordig is omdat hy die dubbelvisie van lig en donker het; hy het daarin geslaag om die wedersydse betrekking tussen die twee wêrelde te behou en in sy werk weer te gee.

In die geval van die Franse digter Rimbaud sien ons die gevaar om deur die wêreld van die onderbewussyn verswelg te word. Deur middel van alkohol en verdowingsmiddels het hy hom tydelik bevry van die realiteit. Die gevolg was sy twee kunswerke; *Les Illuminations* en *Le Bateau Ivre*. Maar Rimbaud se loopbaan as digter was slegs kort van duur. Hy het alte gou besef dat sy sogenaamde oopheid niks anders as krank-sinnigheid was nie; gevolglik het hy hom probeer loswoel uit die strikval waarin hy hom beland het. Daar is iets tragies verbonde aan hierdie poging; ek meen hy het uiteindelik 'n aktiewe handelaar êrens in Afrika geword.

Dylan Thomas is nog 'n digter wat nie die ewewig tussen die brute realiteit en die verbeelding kon bewaar nie; gevolglik het hy in 'n soort alkoholiese euphorbia verval sodat hy nie uit die wêreld van die onderbewussyn kon terugkeer nie. Uiteindelik het hy wanhopig uitgeroep:

*Oh let me midlife mourn by the shrined  
And druid herons' vows  
The voyage to ruin I must run  
Dawn ships clouted aground . . .*

(Uit: *Poem on his Birthday*)

Dit gebeur maar selde dat 'n digter hierdie dubbelvisie dwarsdeur sy hele leeftyd behou. Wordsworth en Coleridge het lank bly lewe, maar betreklik geïsoleer van hulle digkuns. Normaalweg is die aktiwiteit van 'n digter twintig tot vyf en twintig jaar; daarna kom daar 'n jonger geslag aan die woord. In ons eie literatuurgeskiedenis dateer N. P. van Wyk Louw uit die dertigerjare en Opperman uit die veertiger met sy *Heilige Beeste* (1945), maar albei skryf nog in die sestigerjare. Verder dink 'n mens aan Shelley en Keats, miskien ook Shakespeare, wie se werk saam met hulle lewe geëindig het.

Vandag het dit mode geword om oor die roeping van die digter te skryf. In Engeland gaan dit oor die sentimentaliteit van die Viktoriaanse kritici oor die werk van Shelley, Keats en Wordsworth; hier by ons gaan dit oor die herwaardering van die ouer digters o.a. Celliers, Totius en Visser. Danksy die werk van dr. T. T. Cloete: *Die Wêreld is ons Woning nie*<sup>1</sup> waarin hy waardevolle fasette in die poësie van Totius aandui. Mag daar ook 'n kritikus wees wat die morele moed het om dr. C. M. van den Heever na waarde te skat. Hy is een van ons digters wat saam met sy werk gesterwe het. Die ouer digters het te *maklik* en *naïef* geskryf sodat die modernes oorhel na die ander uiterste, die sogenaamde saamgebalde vers wat by baie van ons jongeres hand uitgeruk het sodat digters vandag beskou word as *Decent intelligent chaps, no different from the rest of us, except that they are gifted with a special skill, word manipulation*, soos 'n moderne kritikus Thomas Blackburn dit uitdruk.<sup>2</sup> Woordkuns is natuurlik 'n essensiële kenmerk van goeie digkuns, maar sonder meer is dit geen ware poësie nie. Dit is slegs inligting wat die mens vir homself kan inwin. *Versies* kan deur enigeen geskryf word wat bedeed is met 'n goeie woordeskat, maar poësie kan slegs deur digters geskryf word omdat hulle die gawe van die god Odin besit. As N. P. van Wyk Louw se *Swart Luiperd* slegs 'n beskrywing van 'n

dier was, kan ons hom maar in die dieretuin gaan besigtig, maar omdat dit iets in ons vanself is, word dit poësie in die ware sin van die woord nl. 'n visie in die onbewuste lewe.

Dit alles beteken nog geensins dat poësie 'n soort egoïstiese selfbevrediging is nie. Die sielkundiges heg groot waarde aan die idee dat ons nie aparte *ek-hede* as slegs gedagtes na mekaar uitstraal nie, maar aanmekaar verbind is soos die vingers aan die palm van die hand. Hulle huldig die standhoudende mening: om jouself te ken, is om ander te ken. Dit verg oneindig veel van 'n digter; hy word gekonfronteer met alle dimensies in die mens; daarom sal poësie nooit gewild wees nie, want so 'n siening is 'n ingewikkelde proses wat die intelligensie van 'n leser op die proef stel, en die gewone deursneemings is 'n lui denker.

Ten slotte: hoe vergelyk ons eie digters met die voorafgaande menings? In die lig van ons eie tyd kan ons sê dat Van Wyk Louw en Opperman die ondervinding van Odin ondergaan het, en miskien Peter Blum. Maar wat van die heel jongeres? Staar hulle hul blind op die groot geeste sodat hulle slegs navolgers en npraters is? Indien dit die geval is, het ons poësie geen toekoms nie. Aan die anderkant: is die heel jongeres nie besig om 'n nuwe weg te baan nie wat ons gesaghebbende kritici nie wil raaksien nie? Beïnvloeding sal daar altyd wees, net so lank dit ten goede is. Shakespeare het onder die invloed van Seneca gestaan en sy werke het die vuurproef van die tyd deurstaan. Wat oorspronklikheid nou eintlik is, is 'n aanvegbare vraag. Bernard Shaw het hom die cachet eenmaal toegëien toe hy gesê het: *My mind's eye, like my body's, is normal: it sees things differently from other people's eyes, and sees them better.*<sup>3</sup> Daar was kritici wat hom dit kwalik geneem het en hom as 'n *ondraaglike egoïs* bestempel het.

Aan die ander kant erken T. S. Eliot rondborstig beïnvloeding. In sy essay oor Philip Massinger sê hy: *Immature poets imitate, mature poets steal.* Waarom sal ons nou bv. doelbewus na beïnvloeding in Ernst van Heerden se digbundel *Die Klop* gaan soek.<sup>4</sup> Persoonlik is dit vir my haarklowery. Wat wel van belang is, is die feit of Ernst van Heerden die ondervinding van Odin deurgemaak het. Indien dit wel so is, sal hy miskien beelde *steel*, maar nie *navolg* nie, soos Eliot dit dan uitdruk.

1 Tafelberg-uitgewers, Kaapstad, 1961.

2 *The Price of an Eye*, deur Thomas Blackburn. Longmans, 1961.

3 Preface to Vol I, *The Three unpleasant Plays*.

4 Vgl. *Tydskrif vir Letterkunde*, Junie 1962.

ABRAHAM FOUCHÉ:

## TROMPETTE

(Blou winde — *Conculvulus Duartimus*)

*Haar asemhaling  
was soet in sy oor  
en sy lê en luister  
na syne.*

*In die stormwind knetter  
'n voorwêreldlik koor  
en hulle harte klop  
soos gordyne!*

*Die stortreën slaan op  
die sinkdak neer  
soos 'n onophoudelike  
brekende brander  
terwyl die donderslae  
die stilte skeur . . .  
En toe sê die een  
teen die ander:*

*Ek wonder, o beminde,  
wat die wind kan wees  
wat ewig soos die sterre oor  
die aarde swerf . . . ?  
En die antwoord kom: Wind  
is heelalgees,  
daarom dat dit nooit uit  
die skepping sterf.*

*Dan lê hy en rus met  
sy kop op haar bors  
en sy luister na sy hart  
deur haar hart getors.  
Hy lê met sy skedel  
gekussing op gruis,  
deur die stilte omkors  
van sy klam enge kluis  
en sy lê met haar hande  
gekruis op haar bors.*

*Weer eens sal die wind . . .  
groot god Karma's kitaar . . .  
sy siel uitstort  
van kwint tot bas,  
weer eens ingedrink  
deur hul bymekaar  
waar hul as trompette  
ontvou uit die as!*

C. J. H. VAN DER MERWE:

## OU MAN MET DIE BAARD

*Is't die see wat ek sien of is 't 'n ou man,  
'n Stomme ou man met sy baard?  
Is't die dood wat daar gaan of is't 'n perd,  
'n Vaal perd, so stil geard?*

*Ons ken jou, ou man, al sien jy ons nie,  
Al hou jy jou oë daar vér;  
Jy stap net verby met jou wilde baard  
Wat wit in die winde baljaar.*

*Ou man met die baard, as jy die dag kom,  
Dan staar ons jou dom agterna.  
Vertel tog waarom jy altyd so haas  
As jy so oor die grasbult verdwyn!*

*Jy hoor my nie eens, ou man met die baard,  
Jy kyk na geen mens of geen dier;  
Jy stap maar net aan met jou wilde baard  
Wat wit in die winde baljaar . . .*

*O snaakse ou man, dit lyk my jy is  
Van niks rondom jou meer bewus!  
Of het jy dalk deur die eeue geleer  
Dat alles wat was maar weer is?  
Is dit nog vir jou mooi as die son ontwaak  
en sy rooi oor jou baardpunte strooi?*



Sal jy nog, ou man, die sterre sien,  
As hul speel in jou baard se glans?  
Of stap jy maar aan as die middernagmaan  
Sy streep oor jou kartels kom slaan?  
Ag, jy hoor my dan nie! jy luister nie eens  
Hoe jou pas deur die grassade raas!  
Vertel my, ou man, die vaalperd by jou,  
Wat jy lei as die stormwind waai,  
Is dit waar wat hul sê, dat jy soms in die nag  
'n Man op sy newelrug laai?

Is dit waar wat hul sê van jou en jou perd,  
As jul so deur die stormweer spoed,  
Dat jou woeste baard met sy maanhare meng  
En dan saam met die nagwinde woed?

O, ou man met die baard, dit maak my so bang  
As hul al hierdie fluistergoed praat!  
Maar jy bly vir my vreemd, ou man met die baard,  
Jy hou jou afsydig — alleen . . .

Ou man met die baard, jy het mos gaan staan!  
Jou oë! hul staar my dan aan!

Dis reg, my kind, ek het gaan staan  
Sodat jy my oë kan sien;  
Sodat jy daardeur in my siel kan staar  
En my hunkering self kan ervaar.

Jy sal daar sien dat ek moes wag  
Deur die swart van die eerste nag;  
Ja, toe ek my oog vir die eerste maal  
Oor die swart van die nag laat gaan,  
Het die Grote Almagtige daar gestaan  
In sy glansende rein gewaad!  
Hy't sy hand gewink en deur die swart  
Het die lig oor die heelal gebreek!  
Ag seun, my seun, ek het Hom aanskou,  
Hy het sag oor my baard gesweef . . .

*Maar toe, my seun, het Hy weggegaan  
En die vaal perd het gekom . . .  
Ja, ek en die vaalperd is maats, my kind,  
Nét tot die Groot Een weer kom.  
Dan moet ek Hom gee wat ek en die perd  
Hier onder my baard vergaar.*

*En so, my kind, wat mooi is vir jou,  
Die wil ek nie eens aanskou.  
Tot die Grote Almagtige weer sal kom,  
Hou ek my maar blind en dom.*

*Verstaan jy, seun, dat ek weer sal lag  
As die Grote Almagtige kom?  
Ag seun, my seun, ek het Hom aanskou,  
Hy het sag oor my baard gesweef . . .*

*Ou man met die baard, ek weet nou waarom  
Jy so oor die grasbulte haas.  
Ek weet nou waarom jy geen ag daarop slaan  
As jou pas deur die grassade raas.  
Ek weet van jou perd, dat jul maanhaar-baard  
Nog saam met die stormwind woed.*

*Jy stap maar net aan met jou wilde baard  
Wat wit in die winde baljaar . . .*

UIT DIE SANSKRIT SOOS VERWERK  
DEUR E. POWYS MATHERS

*Selſs nou*

*word ek nog herinner aan die silwer sitroene,  
die oë soos nagsterre, die liggaam gevou in vlamme,  
deur die vurige pyl van die liefde verwond.  
Vars met die jare van die jeug, my eerste en enigste —  
en my hart lê lewendig begrawe in sneeu.*

*Selſs nou*

*as sy met die lotus-oë weer na my kom,  
afgemat deur die dierbare gewig van die jong liefde,  
dan sal ek haar weer besorg aan hierdie  
honger tweeling van my arms.  
Van haar mond sal ek die swaar wyn drink  
soos 'n by wat vlugtig en ongemerk  
heuning uit die kelk van die waterlelie neem.*

*Selſs nou*

*sien ek haar lê, grootogig, haar wang in relief  
gekeep en verleng tot die helder oor —  
gekasty in die koors van my afwesigheid,  
dan word my liefde vir haar stringe blomme  
en die nag 'n donker minnaar  
op die borste van die nag.*

*Selſs nou*

*wanneer ek my oë sluit, sien ek nog vergesigte,  
vergesigte van my verlore beminde.  
O goue hande wat raak aan die wang  
van die klein magnoliablaar,  
O die mond soet en soos oker  
waar my geskeide lippe soveel stanzas,  
soveel tere herinnerings geskrywe het  
en nooit weer sal skrywe nie.*

*Selſs nou  
sein die dood nog die impuls  
van haar ooglede oor wilde oë  
en die jammerte van haar gerfdun lyf,  
gebroke in die afgematheid van die vreugde.  
Die klein trossies lelies van haar borste  
word my troos, en my leed haar helder lippe  
wat eers net myne was.*

*Selſs nou  
ketter hulle haar swakheid deur die twee bazaars,  
sy wat so sterk in ons liefde was,  
en die klein mensies, slawe, wat vir silwer  
koop en ruil, plooi die vet om hulle oë.  
En tog het geen Prins uit die Stede van die See  
haar geneem nie, na sy grimmige bed gelei nie.  
O my klein eensame  
jy kleef aan my soos 'n kledingstuk kleef,  
My Engel!*

*Selſs nou  
het ek nog donker oë lief,  
oë wat ewig droef en tegelyk laggend is  
en, wat geslote, die soetste skaduwee maak.  
Die mond, die hare se kurwe  
soos die moremis sag en subtiel,  
gesnede vingers, fyn en slank en lenig —  
die gelag van groen edelstene.*

*Selſs nou  
onthou ek haar woordelose antwoord  
want ons was een singende stem,  
haar hand op my hare, die mond brandend naby.  
Ek het gesien hoe die Priesteresse van Rati  
by die ondergaande maan hulle liefde verklaar  
en dan op tapyte in 'n saal met 'n groot goue lamp  
orals, argeloos, neersyg om te slaap.*

*Selvs nou*

*sien ek die kom en gaan van wyse manne  
uit die torings, waar hulle die jeug  
weg gedink het. En ek wat luister het nie eers  
die sout in haar lispelings gewaar nie.  
Nie eers die preweling in die kleur-kaleidoskoop  
van die naderende slaap wat kom nie:  
Die klein wyse woorde, weinig, maar wit van verwagting,  
wulps soos water, dronk van begeerte.*

*Selvs nou*

*onthou ek my liefde vir sipresse en rose,  
die groot blou berg, die klein gryns heuwel,  
die stem van die see. Eendag het ek vreemde  
oë en hande soos vlinders gesien,  
en in die warm môre het patryse geskarrel  
en kinders het afgekom om te baai in die stroom.*

*Selvs nou*

*herken ek nog die warm smaak van Lewe in my mond,  
die lediging van groen bekere en die goud op die groot fees.  
Slegs vir 'n stil en vergete oomblik  
het my geliefde deur my oë gestraal  
met die helderste storting van die Ewige Lig.*

## BY DIE JONGERES

(Lees asb. ook **LIG EN LUG**; 'n volledige verantwoording oor hierdie rubriek verskyn in Februarie 1963.)

FREDA PLEKKER:

### DIE VOORSTAD

*Hartseer huisies  
Hurkend teen die rant  
Gee 'n geeltand glimlag  
Deur sonvergeelde kant.  
Die hangheup hekkie  
Stoot 'n skewe welkom uit  
In die asfaltstraat  
Skaterlag 'n meid.  
Die ou-tenk hoenderhok  
En die afwiel-kar  
Roes hul laaste jare saam —  
— By die hartseer huisies  
Kom onvervulde drome  
Soos stil verwyte staan.*

### NA SOVEEL JARE

*U het my honger en dors gemaak  
En nou na soveel jare  
Kon ek van mens tot mens  
Net weinig maal versadig raak*

*U het my die drijf en drang gegee  
om ver te soek en als te vind  
En nou na soveel jare  
Bly ek nog deur menswees  
En liefde en haat gebind*

*U het my die vloek gegee  
Om leuen van waarheid te herken  
En nou na soveel jare  
Het ek die skans verloor van ou gelowe  
Waarmee die mens beskerming wen*

*U het my naak en vry gemaak  
En my die guns van hierdie bitter reg gegee:  
Om EEN stap nader na die waarheid  
In eensaamheid te tree.*

## EK IS DIE MATADOR

*Die matador is ek  
Wat met my bloedrooi mantel  
Vir Toreador, die Waarheid,  
Na my wil trek.*

*En as hy deur my terg en tarding  
Sy log gevaarte op my stuur  
Dan is ek weer die dapper lafhart  
Wat rakelings verby hom skuur*

*En in die groot finale oomblik  
As sy waarheid oor my kleiner krag sou gaan  
Sal ek maar weer, om self te red  
'n Dolk bedrog diep in sy hartspier slaan?*

## DIE OUETEHUIS

*Ou, vergeelde boeke  
Potpourri in 'n laai  
Muf letters op ou bladsye  
Waar niemand meer deur blaai*

*Gerimpelde gesigte  
Geraam in een lang gang  
'n Draadjie van 'n ou portret  
Al waaraan hul lewe hang*

*Tot status van die kindertyd  
Krimp die lewe in hul terug  
Deur elke ope deur, sien ek verwagting  
Soos van kinders, op elke ou gesig.*

*Tot weerloosheid en halwe vrees  
Krimp die lewe in hul terug  
En God word weer die enig Vader  
Na wie sy kinders vlug.*

*Om waardigheid te gee aan hierdie weerloosheid  
Het God dit só bestem:  
In klein-word en in vrees kan swak ou arms  
Spontaner aan die Vader klem.*

## KAMPONGDANS

*Hoog om hulle skouer slap-hoop en die skemer  
En skerp skelet fabriek-silhoeëtte teen die westerlyn.  
Die tom-tom, tom-tom, tom-tom, skril fluitjie en trompet*

*Swanger deur die lug en uit bo die skyn  
Van beskawing.*

*En die kontorsies van swart liggame,  
Soepel wys in hierdie dans wat ouer as die berge lê,  
In dieper dieptes as hul eie kennis  
Waarvan hul net die drang kan voel wat in die week  
Verward in staal en in betonpilare lê.*

*Hier verbleek die witman en sy wêreld  
Maar met hulle word die nag weer één  
En waar ek buite staan en onbenullig toeskouer word,  
Wêl in my erkenenis van hongers wat so stadig sterf  
En nou nog saggies in die tom-tom ween.*

### KINDMOEDER

*Met wilde vryheid in my hare in die wind  
Met borste trotsligtend teen die toekoms aan  
Dapper in die wete dat sy die herkoms en die tuiste was  
Het ek uit haar hande na volwassenheid geswind.*

*Nou het op haar perkament gelaat  
Elke gedagte 'n dieper plooi geword  
En oor die vroeëre trotse gees en glansend hare  
Het Tyd sy spierwit ryp gestort.*

*Hoe stil het hy gekom om haar  
Die kind te maak, vir my die een  
Wat magteloos na sy verbrokkeling staar —  
Hoe skroei in my die leemte van haar blik.*

*Nou is èk die moeder, sý die kind:  
Maar bitter trane korrel in my keel:  
Sy kon al my seertjies weer gesondmaak:  
Èk kan hare net verbind.*

### TRAGEDIE VAN DIE VRYHEID

*Saam met die vryheid het ons ge-erf  
Die donker roes op die goudgeel gerf  
Suiwer graan, vuil bevlek  
Met roes wat deur die graanland trek.  
In vryheidsdrang het ons vermag  
Die ryk oes van 'n nuwe dag  
Uit klam en duister het die roes ontstaan.  
Onskeibaar sal die sekeltand om albei slaan;  
Want die roes om sy lewe te hou*



*Moet aan die goudgeel gerwe klou.  
En muſ sal die roesdamp nog daaruit slaan  
As die graan deur die laaste meule gaan.*

*Vryheid wat ons in ballingskap dra  
Dit is die offer wat jy vra:  
Elke mens dra tot die dood  
Die eis van 'n ander se vra om brood.*

## NEDERLAAG

*Daar is 'n God  
Ek weet  
Want as ek koors in angs en twyfel  
Is Hy die sout smaak in my sweet.*

*Daar is 'n God  
Ek weet  
Want tussen my lag en my tran  
Lê Sy spore afgemeet*

*Daar is 'n God  
Ek hou  
Hom as regter tussen my haat en my liefde  
In ewige skommeling vasgevou.*

*Daar is 'n God —  
Onwillige geloof  
Soos die bitter kern in die perskepit  
Wat voor ontkieming verdroog.*

MARIÉ BLOMERUS:

## KIND

*Ek vlug verward vir jou op straat  
en weier om met jou te praat  
jou hande aan te raak;  
Ek vrees die vreemde mag  
wat ons onskeibaar maak.  
Maar weerloos eenszaam in die nag  
is jou omhelsing vol betowering  
Laat ek my soos 'n blinde lei;  
glip ek deur die hoë gras se halms  
hou die spruit se water in my palms  
en droom  
en hardloop uitgelate*

*rye rye spore oor die sand  
en word 'n duif, 'n blom, 'n boom.*

## TEEN DIE DAMWAL

*Die roep van die reënvoël rimpel oor die water,  
fladder teen die lug se klaarheid — akwamaryn,  
dwarrel deur hoë bloekombome  
om met die wind oor vlaktes te verdwyn.  
Die naaldekokers vlug, deursigtig — skraal,  
huiwer en flits en huiwer teen die dag se brons,  
klein satelliete wat wentel en maal,  
uit water borrels en kringe en reenboë haal.  
Met krete wat die stilte flenters skeur  
skiet drie swart kinders, pyle uit 'n boog  
die water in; verdwyn, om oorkant uit te beur.  
Ek kom my hande om my ore en ek luister:  
uit die water kom 'n vreemde fluister;  
„Die hart van Afrika klop diep en duister.”*

ELMARIE VAN DER MERWE:

## MOSES SES, VERS SES

*Ek is trots en selfsugtig  
en ek staar die wêreld  
vanuit die hoogte aan.  
Ek is boos en bedorwe  
en ek wil nie beter,  
want wat sal dit betaal?  
Ek is ydel gebore  
en ek gee nie om nie  
want wat gee meer plesier?  
Ek's 'n dief en oneerlik  
want ek steel heel dikwels;  
nie geld of goud, net tyd.  
Maar al is ek bedorwe  
is ek lank nog nie enig  
want oral sluit jý aan.*

## STAD — SOMS

*Rook en mis  
en duiwelse lis.  
Hard, benoud.  
Wreed en koud.*

*Geen blom, geen blaar.  
'n Las so swaar.*

*Vergeet jou lot!  
Kom dans, jou sot.  
Laat munte rol  
en nooiens tol;  
laat glase klink  
en oë blink,  
en word 'n man  
— ons weet jy kan!*

H. A. PRINS:

## STORM

*Die windswael sny die wilde wind  
tot hy met sy ronde bors  
bewend teen die stormwind staan.  
Geel blitse breek die botgrys lug  
dat die fynhael dans op die dak  
en die bome stil in die stortreën staan.  
O die skuinsreën lê  
dwars teen die dak!*

## VREUGDE

*Die bloekomboom se kruin word goud  
van die prik'ling in die somerlug.  
Die noordewind die ruik na reën  
dis somer en die veld is groen.*

*Die lewerik fluit en val  
oor die golwe rooigras in die blom,  
laat ons jubel, jy lewerik en ek,  
voordat die winter met sy wit dood kom.*

## HUMORESQUE

*Onder die plat klip  
voor ons stoep  
is daar 'n kriek wat roep  
vir die somer om te kom.*

*Pa suig wit wolke uit sy pyp  
en wonder oor mofskape en mielies,  
en vrees nog die laaste ryp.*

*Onder die plat klip  
sit 'n swart kriek gevang;  
Hoekom is ek bang  
vir die skemer wat deur die soetdorings kom?*

## LEWE

*Het ek dan die lewe  
op 'n bankrotvendusie raakgeloop,  
en sonder om te dink  
'n kat my in die sak gekoop?*

## INKEER

*Nou het ek  
van al die greinerige lig  
my afgewend en het die sagte skemer  
'n sluier oor my oë getrek.*

*Ek het tog die droefgrys skemers lief  
omdat dit sag is op my oë  
omdat ek in dié halflig nog  
aan 'n mooier wêreld glo.*

## KAMER

*Die lamp se lig is dun  
en die donker lê dik  
gedam teen die ruit  
ek wil verstik  
van die vrees.  
Die lamp brand  
so dof . . . Daar is 'n hand  
wat glip oor die glas . . .  
Daar is naels wat krap teen die ruite,  
o, hou dit groot donker buite!*

## SOMERDAG

*'n Swerm duiwe  
een is wit,  
het moeg gedartel  
op die dak kom sit.*

*Die windswaels  
het die grys lig gesny  
het skuins teen die wind  
geval, gegly.*

*Toe het die wolke  
lae leiklip geword,  
in die namiddag het die motreën daar  
eentonig uitgestort.*

## NAJAARSBLARE

*Die jaar vergaan  
soos alle ander jare;  
Hoe ryp ruik smôrens  
die windjie van die najaarsblare!*

LOUIS KRUGER:

## DROOM

*Ek droom ek wieg kantelend deur die liggeel ruim,  
Met arms en bene wyd oopgesper;  
Die sonlig flikker blitsend, en skuim  
Bruisend oor my, en sleur my tot ver  
Vér in die ewige lig waar die dag altyd sloer.*

*Ek ontwaak, en sien die son lagtand loer,  
Oor die lig-swart skerwe op die vloer,  
Van my droom wat nog snikkend in my roer.*

## BESOEK

*Vinnig vanaand  
terug van buite  
uit die koue,  
skuiwe my hand  
oor die hart se ruite  
en teken tussen voue  
van duister en lig  
weer jou verlangde gesig.*

N. SAUER:

## ASKEET (20ste eeu)

*Die lug het al sy blou verloor  
en êrens onder is die grond —  
hier, iewers in 'n klein kantoor  
verkwansel ek my siel vir boeke  
(en sewehonderd pond)*

*en weet nie meer  
maar dink en gis*

*of Klip en Vuur,  
God of Natuur  
my Maker is.*

## HERFSGEDIG

*Meimaand. —  
Die wêreld wissel tussen kleure;  
rooi, groen, geel blare in die laan.  
Die laaste rose sterwe.*

*Die blare val  
en dek die aarde toe.*

*Die Bruidegom wil rus  
en roep sy Bruid ter ruste.*

*Die wolke staan  
in skildun vliese oor die veld  
die hart wil droom  
en alles wentel tussen stilte self  
en stil te word.*

*„Ons Aarde het 'n vriendlike gesig”  
maar nou is die oë kalm en dig  
soos dié van een wat om die Skoonheid ly . . .*

*Dis Meimaand,  
die laaste rose sterwe.*

## PASSIESPEL

*En kyk, Hy het in Nasaret gekom  
en niemand wis meer iets van Hom.*

*Niemand wis dit was die Here,  
dié bankklerk in die vaal pak klerc*

*wat sonder lêer of valies  
dokumente dra deur die dun straatjies.*

*Maar Hy het gekyk rondom Hom heen  
en in Sy hart vir dié stad gebid en geweën.*

*„Dié man is onskuldig, ek maak hom vry.”  
„Edelagbare, moet dan ons waardigheid ly?”*

*En bo-oor die skare se wilde gekras  
het 'n eensaam bankheer sy hande gewas.*

*Maar Hy het gekyk na Nasaret  
en in Hom was meer as 'n traan of gebed  
want as Jesus weer na Nasaret kom  
wis geeneen van die skare meer iets van Hom.*

## SIMPEL LIEDJIE

*Jy gaan, ek bly  
Twee dinge in 'n ry  
Jy gaan, ek bly.*

*Die somer gaan, die winter bly  
'n Honderd vaaltes in 'n ry  
Die somer gaan, die winter bly.*

*Jy gaan, ek bly  
Twee dinge hinder my  
Jy gaan, ek ly.*

ELLA C. CLAASSEN:

## ONMAG

*Papiere en geskryfte gestapel in rye, rye rakkies  
spierwit dodevorms, bekapte voorskryfvorms aan hakkies.*

*'n Bejaarde arts sak moeg neer in 'n stoel  
„Kan ons dan lewe maak en gee?” vra hy koel.*

*Bo hom hang 'n neonlig wat dofgeel bot  
en traag vertoef tussen die geskryfte 'n aswit mot.*

J. J. POTGIETER:

## VREEMDELING

*Die rook trek 'n sluier  
om jou gesig:  
ek hou my oë met moeite  
op hul doelwit gerig.*

*Dit is maar net die vloer  
wat ons skei —  
Deur wasige engtes loer  
jy t'rug na my!*

*Wat klein is word nou wyd in my  
wanneer ek*

*kokket in jou oë sien gly,  
en lokkend aan jou mondhoeke trek.*

*Gedrywe deur die drif  
wat menslik onverstaanbaar is,  
Het ek en jy ons suf  
Geniet aan wat so onverklaarbaar is.*

*En toe ek huiswaarts keer —  
was ek skaam —  
Iewers in my was dit seer: —  
Ek ken nie eers jou naam!*

## GEHEUEVERLIES

*Ek draai die glaswand  
om en om  
totdat jou beeld —  
skeef en krom —  
op die oppervlakte kom.*

*Maar skielik sink dit weg: —  
'n wit blits klief vir my! —  
'n Sonstraal het meteens loodreg  
op die glaswand afgegly!*

## SEKONDE

*Tevergeefs was die leed  
Om te probeer vergeet —  
Want in een sekonde  
Was die motor se lig  
Vol op jou gesig!*

## NAAM

*Ek is bly dat ek nog  
saamleef met my naam:  
Maar onthou dit tog —  
dat wanneer ek dood mag gaan,  
My naam  
op geen papier mag staan!*



## WIE GOOI DIE EERSTE - - -

Meneer Dick kom binne om te eet.

Hy is laat vanaand; laat en vol gedagtes.

Maar die ou vrou wat vir hom sy kos moet gee, merk dit nie. Sy sien ander mense se nood nie raak nie omdat die nood wat deel van haar bestaan geword het, haar verblind het met die jare.

„Meneer Dick is laat vanaand,” teem die ou vrou.

„Ja, daar was 'n bietjie ekstra werk . . . en toe het ek somaar in my kamer gerus . . . voor ek kom eet het.” Sy stem is vol verwaarlosing, nes sy klere.

Ongevraagd gooi sy hom toe met haar dag se opwinding: „Ek was vandag by die dokter. Hy sê daar is niks verkeerd nie; net maar die ouderdom.”

Die dokter se „ouderdom” laat haar sug.

„Hy't my vyf-en-twintig pilletjies gegee. Reken, klein ou goetertjies en hulle kos amper twee rand.”

„Ons hoop maar hulle maak die ouderdom gesond,” maar hy dink aan die dag wat agter die groot berg gaan lê het om te sterf.

Sy sit sy bord kos voor hom neer.

„Moet ek dan alleen eet?”

„As meneer Dick nie omgee nie. Ek sal maar wag tot Hester kom.”

Die verkeer storm verby. Die neonligte flits, flits en die aand dryf stadig oor die ver rande van die stad.

„Hester . . . ja . . .”

„Sy het 'n entjie gaan stap.”

Die kos glip smakeloos na binne.

„Hester kom so min uit. Soms lyk sy vir my so rusteloos . . . Is daar iets verkeerd met die kos, meneer Dick?” Vir die soveelste maal knip sy haar dowwe oë.

„Nee, dis baie lekker, Mevrouw.”

Die kos verdwyn stadiger en smakeloser.

„Voel u siek, meneer Dick?”

„Nee, nee, Mevrouw. Dis net . . . ek is nie eintlik honger nie.” Saam met 'n groot bus dreun sy stem by 'n rooi lig verby. „Nou dat u daarvan praat: Hester lyk nogal soms asof sy rusteloos kan wees.”

„Dan het u dit ook al gemerk? Dink meneer Dick dat sy dalk siek is?”

„Nee, Mevrouw, ons is maar algar soms so. Dis asof ons self nie weet wat ons wil hê nie, en dan kan ons nie daaroor praat nie; miskien omdat daar eintlik niks is om oor te praat nie.”

„Hester sal vir my sê as daar iets is wat haar hinder . . .”

Die nag klim oor die berg en die deining van die see kruip nader.

„ . . . Miskien is sy tog siek. Ek sal haar vra wanneer sy kom.”

Die kos lê koud en deurmekaar op die bord, en die ou vrou hekel die soveelste steek van die soveelste ‚sentertjie’.

„Mevrou, het Hester al ooit ’n kêrel gehad?”

Die nag en die see hou asem op. Die soveelste steek glip van die hekelpen.

„Meneer Dick! Hoe kan jy so vra? ’n Kêrel . . .! Dink jy . . . dink jy sy het een waarvan ek nie weet nie?”

„Nee Mevrouw, ek vra maar net. ’n Jongmens het die behoefte aan die omgang met ander jongmense. En ek sien nooit jongmense hier nie.”

„Maar Hester gee nie om nie, meneer Dick. Sy hou nie van jongmans nie. Sy lees liever boeke. Weet jy, meneer Dick, sy lees dik, dik boeke . . . en nogal in Engels. Op skool was sy so slim . . .”

Die hekelpen gryp ru aan die volgende steek.

„ . . . Hester wil nie trou nie. Sy sê altyd dat sy my wil oppas. En ek wil haar ook nie graag van my laat weggaan nie. Weet jy, meneer Dick, sy sal nooit eendag kan trou nie . . .!”

’n Verkeerslig slaan oor na rooi. ’n Bus hou met luide teenstribbeling stil.

„ . . . Sy het mos die vallende siekte. Dis daarom dat sy destyds opgehou werk het.”

„Ek is jammer. Ek het dit nooit geweet nie.”

„Ja meneer Dick, ’n ander man se briewe is duister om te lees.”

Alles, alles is so kleurloos, protesteer dit in hom: die ou vrou se oë, haar storie, haar woorde. As die berg net wil kantesel . . . as die nag net in ’n miljoen ligskerwe wil spat!

„Dis waar, Mevrouw . . . Ek wed u het nie geweet dat ek ’n getroude man is nie!”

Nog ’n steek val van die hekelpen. Die vertrek ontplof geluidloos.

„My Here, meneer Dick! Waar is jou vrou?”

„In die gestig, Mevrouw. Sy is siek in haar siel. Mal . . . stapelgek.”

'n Lag stoot in hom op. Hy wag dat sy uit haar senutergende alledaagsheid moet ruk, maar: „Ek is jammer om dit te hoor, meneer Dick,” en haar oë knip.

Ongeduld wurg hom. „Moenie wees nie, Mevrouw, want ek is nie. Sy was te lank daar. Sy het te lank met die speletjie aangehou. Die vrou daar in die gestig is nie die mooi jong meisie van baie jare gelede nie.”

Sy stem is so vol van die weemoed van die eensame middeljarige man.

„Sal ek vir u 'n bietjie koffie gaan inskink?”

„Asseblief Mevrouw.”

Die swart koffie staan rimpelend voor hom.

„Meneer Dick, sal sy nooit weer regkom nie?”

„Nee Mevrouw, vanmiddag het hulle gesê dat ek maar van haar kan skei.”

„En gaan jy dit doen, meneer Dick?”

„Ja Mevrouw.”

„Dis vreeslik.”

„Wat is vreeslik? Om van 'n dooie mens te skei?”

„Maar sy's nie dood nie, meneer Dick.”

„Vir my is sy, Mevrouw. Miskien is ek ook al dood.”

„Hoe praat u dan nou? U is mos nie dood nie.”

„Baie mense sterf lank voor hulle die laaste asem uitblaas. Hulle siele sterf van eensaamheid en smart en verlange lank voor hul liggame ophou lewe . . .”

Sy is bang. Haar oë knip die sekondes af.

„ . . . Ek weet dit en Hester weet dit.”

„Wat weet Hester, meneer Dick?”

„Dat 'n mens kan sterf sonder om op te hou lewe.”

„Wat praat jy van my dogter? Hester is nie dood nie. Sy lewe!” Sy staar na die nag en haar oë knip, knip aan die donker op soek na Hester.

„Sy sal nou-nou hier wees. Hoekom sê jy so, meneer Dick?”

„Nee Mevrouw, Hester is nie dood nie. Sy lewe.”

„Hoe weet jy, meneer Dick? Ek moes haar nooit laat gaan het nie!”

„Ek het Hester langs die pad gekry.”

Hy sien sy eie gesig in die swart koffie bol en verdwyn.

„Waar, meneer Dick?”

„In die stad, Mevrouw.”

„Wanneer kom sy dan? Waar is sy nou?”

Die stad skuif onder hulle uit. Dis net hulle en die klein skemer vertrekke wat in die swart leegheid ronddryf.

„Sy is in my kamer, Mevrouw. Ons het daarheen gegaan, maar toe ek hierheen gekom het, het sy gesê dat sy nog 'n rukkie daar wil bly.”

„. . . .” Sy sluk haar asem. Haar oë verstar.

„Meneer Dick, jy lieg! Hester sal nie na 'n man se kamer toe gaan nie. Sy is nie in jou kamer nie.”

Toe stoot die nag en die neonligte vir Hester na binne.

„Sien jy, sien jy, Meneer Dick? Hier is Hester. Hoekom sê jy sy is in jou kamer?”

„Ek was daar, Moeder.” Haar stem is kleurloos soos die drie-en-dertig jare wat haar skouers krom druk.

„Maar Hester, jy't gesê jy gaan 'n entjie stap!”

„Ek het 'n entjie gaan stap, Moeder, 'n ver entjie in die lewe in.”

Die man lag met sy eie verwronge gesig in die swart vloeistof voor hy dit wegsluk.

„Nou hoekom sê meneer Dick . . . ? Hester, wat het jy in sy kamer gedoen? Hoekom lieg julle vir my?”

Die vertrek lewe. Meneer Dick stoot sy stoel agteruit en staan langsaam op. Hy skuifel stadig in 'n skadukol.

„Moeder, vanaand voor die bioskope begin het, het ek daar naby op die hoek van 'n straat gestaan.”

„Die hoek van 'n straat, my kind?”

„Ja Moeder. Waar anders sal 'n mens die werklike lewe sien? Die lewe is in die strate, nie in hierdie muwwe hokkies waarin ons opgesluit sit nie. Die lewe het daar verby gestroom, maar ek was nie deel daarvan nie omdat ek dood was vir soveel jare.”

„Wat makeer julle vanaand? Eers sê meneer Dick jy is dood en nou sê jy dit ook!”

„Moeder, ek het ook 'n liggaam. Verstaan u? 'n Liggaam het sy eie spesifieke behoeftes. 'n Mens is nie net gees nie. Jy kan jou liggaam nie onteien nie. Vir 'n tyd miskien, maar nie vir altyd nie. Vanaand het ek toegegee omdat ek wou sterf. Dit was my laaste kans.”

„Hester, is julle mal? Is jy siek? Hoekom praat almal van die dood? Ek weet nie wat julle wil sê nie.”

„Luister Moeder: die jong meisies het met hul jongmans daar verbygeloopt en hulle was gelukkig; en die middeljarige vrouens was tevrede met hul middeljarige mans; en ook die vet ou vrouens het met hul uitgeteerde ou mans daar verbygeloopt en was tevrede met hulself. Net ek was ongelukkig en ontevrede en alleen. Daardie saamwees van mense was my versoeking.

Hulle het hierdie vuur in my aan die brand gesteeek. Dis hulle skuld!"

Die ou oë knip, knip die trane af.

„En nou kan dit nooit weer anders wees nie. Selfs om sleg te wees, is beter as die ander ding wat ek was.”

„Hester, sê my: was jy of was jy nie saam met meneer Dick in sy kamer? Sê my!”

„Ja Moeder, ek was.”

„Wat het jy daar gaan doen?”

„Onthou Moeder hoe ek dikwels toe ek klein was, gesmeek het dat Moeder my styf teen moeder se bors moet vasdruk? Daardie kere was ek bang, maar daar teen Moeder se bors en die klop van moeder se hart in my ore het ek veilig gevoel. Vanaand het ek in my eensaamheid — nee: alleenheid — gevra dat 'n man my so moes vasdruk, en al die honger en eensaamheid uit my moes druk, al sou ek daarna ook sterf van skaamte. En toe het God, of die Noodlot, 'n ander eensame mens na my toe gestuur.”

Meneer Dick tree dieper in die skadukol.

„Het jy geweet dat hy 'n getroude man is?”

„Ja Moeder, maar 'n honger hond vra nie of die bord skoon is waaruit jy vir hom kosgee nie. Hy eet en as hy klaar geëet het, sal hy nog die vuilis ook aflek.”

„My kind, jy praat soos 'n slegte vrou.”

„Sleg ja. Maar sielalleenheid is ook sleg. Daarom maak vanaand nie saak nie. Dis nie hierdie enkele daad wat ons van goed na sleg laat verander nie, want ons was soveel jare alleen en sleg. Vanaand is ek sleg, Moeder, maar nie meer alleen nie.”

„Ek wens jy was liewer dood soos hy gesê het!”

Die ou liggaam bewe en buig soos 'n begrafnisplaassipres in 'n windstorm.

„En jy't altyd gesê jy hou nie van mans nie.”

„'n Meisie moet haar selfrespek behou. Dis die mans wat nie van my gehou het nie omdat ek lelik is en vallende siekte het. Daar is geen mens wat nie liefde soek nie, elkeen op sy eie perverse manier!”

Haar vingers betas die plooië in haar gesig en pluk aan die los vellerigheid.

„En meneer Dick het altyd so 'n ordentlike man gelyk.”

Uit die skaduwees stap hy, meneer Dick, net soos hy al die ander aande voor hierdie een gelyk het.

„Hy is, Moeder.”

„Nee, hy is nie!”

„Moeder, wat is ordentlikheid? Is dit wat jy ander mense van jou laat glo of is dit wat jy van jouself weet?”

„Jy praat en praat en ek verstaan niks!”

„Moeder, wat het van my vader geword?”

Die nag wag gespanne bo die stad.

„Ek het jou al so baie kere vertel.”

„Ek wil dit nog een maal hoor.”

„Hy is dood toe jy nog baie klein was.”

„Was moeder ooit met hom getroud? Is my vader regtig dood . . . ? Is hy?”

„Maar ek het mos so gesê, Hester!”

„Ek glo dit nie. Ek het nooit werklik 'n vader gehad nie . . .

Is dit nie so nie, Moeder?”

Die man glip by die deur uit. Hoe lelik is die waarheid tog nie, dink hy.

„Nee! Nee!”

„Lank gelede het ek op 'n dag in 'n laai vol ou papiere gekrap en daar het ek toe my geboortesertifikaat gekry. Daarop sê dit dat my vader se naam Onbekend is.”

„O my Here!” Die ou vrou frommel inmekaar, 'n snikkende bondel afgeleefdheid.

„Hoekom het Moeder so lank vir my gelieg? Moeder was nooit getroud nie. Dit was alles stories, nare leuens!”

Die dogter kyk die verkrimpte houpie aan. Sy gooi haar jas oor haar skouers.

„Wat doen jy, Hester?” Die uitroep raak verlore in die stilte van die nag wat wag.

„Ek gaan uit.”

„Waarheen?”

„Somaar uit.”

„Dis al laat.”

„Toe maar.”

„Hester, ek wil nie alleen hier bly nie.”

„Dan moet moeder saamkom. Ek moet uit hierdie huis wegkom. Dit ruik na dood.”

„Ek kan nie so baie loop nie. Dokter het vandag gesê ek moet my stilhou.”

„Dan gaan ek alleen.”

„En los my somaar net so?”

„Ja Moeder.”

„Hester, bly hier. Bly hier my kind.”

„Gaan slaap, Moeder.”

„Slaap . . . slaap, sê jy? Hoe kan ek slaap as my dogter buite op die straat versleg?”

„Sleg ja, moeder. Dan is daar twee van ons wat met 'n klip in die hand staan, maar wie gaan eerste die klip gooi?”

Die deur klap toe.

Baie deure klap toe tot ver in die verlede.

„Dit was nie leuens nie, Hester. Dit was skaamte. As jy my net wil glo!”

Toe storm die verkeer jillerig in die straat af, en die neonligte knip luid en spottend.

## NUWE BOEKE ONTVANG

1. Paul Alverdes: DIE FLUITER-SAAL. Nouvelle uit Duits, Human en Rousseau, Kaapstad 1962, R1.00.
2. P. Boullé: DIE BRUG OOR DIE RIVIER KWAI. Roman uit Frans. Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad 1962.
3. André Brink: POT-POURRI. Sketse uit Parys. Human en Rousseau, Kaapstad 1962, R1.50.
4. W. A. de Klerk: POENS — DIE SWERFJAAR. Jeugroman. Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg 1962, R1.40.
5. J. D. du Toit (Totius): VERSAMELDE WERKE VIII (Die Kerk; en Gedigte — besorg deur G. Dekker en T. T. Cloete). Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg 1962, R3.50.
6. Dawid Rugela: STORIES UIT DIE ITALIAANSE OPERAS. Human en Rousseau, Kaapstad 1962, R1.35.
7. Nikolai Gogolj: DIE JAS. (Die Juweel-Nouvelles; redaksie: Audrey Blignault), uit Russies. Nasionale Boekhandel, Parow 1962, R0.90.
8. Mirko Jelusich: DIE LEEU EN DIE WOLWE. Die verhaal van Hannibal. Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg 1962, R1.30.
9. Linda Joubert: DIE LAAT LENTE. Historiese roman. Human en Rousseau, Kaapstad 1962, R1.25.
10. E. Labiche en Ed. Martin: MENEER PERRICHON GAAN OP REIS. Blyspel uit Frans. Human en Rousseau, Kaapstad 1962, R1.35.
11. Empie Maritz: DILEMO VAN DIE LOELOEBERGE. Roman. Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg 1962, R0.90.
12. Mikro: DIE DAMES SESTIEN. Twee Nouvelles. J. S. van Schaik, Pretoria 1962.
13. Prof. Dr. P. Minderaa: AAN-DACHT VOOR CATS BIJ ZIJN 300STE STERFDAG. W. E. J. Tjeenk Willink, Zwolle 1962 (Zwolve reeks voor Taal- en Letterkundige Studies Nr. 12), geb. f8.75.
14. Mariëchen Naudé: SONJA OP DENNEHOF. Skoolroman. J. L. van Schaik, Pretoria 1961.
15. M. Nicnaber-Luitingh: EUGÈNE MARAIS. Letterkundige Studie. Human en Rousseau, Kaapstad 1962, R1.15.
16. Edmond Rostand: DIE ROMANSE OOR DIE MUUR. Blyspel in versvorm, uit Frans: S.A. Boeksentrum, Kaapstad-Johannesburg 1962. R1.00.
17. J. L. C. Strydom: KOSBARE KRUIK. Nouvelle. Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg s.j.
18. Dr. W. A. P. Smit: VAN PASCHA TOT NOAH, III. Studie. W. E. J. Tjeenk Willink, Zwolle 1962, geb. f30.-
19. Ken Swart (Red.): DIE BESKERMENDEL E.A. EENBEDRYWE. Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad 1962, R1.15.
20. Günther Weisenborn: DIE VERVOLGER. Roman uit Duits. Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad 1962, R1.80.

Hayne & Gibson - Johannesburg









